ONS SEKURITEIT
VIR DIE EWIGHEID



*ONS SEKURITEIT VIR DIE EWIGHEID:*
*DIE EVANGELIE VAN JOHANNES*

Kopiereg © 2021 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Ons Sekuriteit vir die Ewigheid: Die Evangelie van Johannes* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

Bron vir foto's:
unsplash.com

Bron vir resep:
Angie, LGG Slowaakse Tak

Bron vir inligting en data:
Joshua Project, joshuaproject.net/languages/slk, August 13, 2021.

Bronne:


Borchert, Gerald L. *John 1–11*. Vol. 25A. The New American Commentary. Nashville: Broadman & Holman Publishers, 1996.


Borchert, Gerald L. *John 12–21*. Vol. 25B. The New American Commentary. Nashville: Broadman & Holman Publishers, 2002.

Net Bible Notes

Thompson, Marianne Meye. *John: A Commentary*. First edition. The New Testament Library. Louisville, KY: Westminster John Knox Press, 2015.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.





HIERDIE STUDIEGIDS BEHOORT AAN

........................................................................................................

DATUM

\ \
.......................................................





# INHOUD

*003* WELKOM
*005* INLIGTING OOR LGG
*006* ONS MISSIE
*008* SOAP BYBELSTUDIE METODE
*013* GETUIENIS
*014* WÊRELDWYE BEDIENING
*016* RESEP
*018* KEN HIERDIE WAARHEDE
*023* INLEIDING
*024* LEESPLAN
*027* DOELWITTE
*029* WEEK 1
*055* WEEK 2
*083* WEEK 3
*111* WEEK 4
*141* WEEK 5
*175* WEEK 6
*209* OORBRUGGINGSPLAN
*211* OORBRUGGINGSPLAN WEEK 1
*225* OORBRUGGINGSPLAN WEEK 2
*239* SLUIT BY ONS AAN
*242* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

## WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.


Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos ‘n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

*ONS HET MEKAAR NODIG EN ONS LEEF DIE LEWE BETER WANNEER OM SAAM MET ANDER IS. SAL JY DIT OORWEEG OM UIT TE REIK EN HIERDIE STUDIE SAAM MET IEMAND TE DOEN?*





Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir "Love God Greatly" om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is 'n 501 (C)(3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

## ONS MISSIE



### DIE BEHOEFTE


Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

### DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 30 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.



### SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM

LOVEGODGREATLY.COM








*BY LOVE GOD GREATLY ONTWIKKEL ONS BYBELSTUDIES IN MEER AS 30 TALE.*

# SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons ‘n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.


Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).




*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE ‘N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons ‘n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om ‘n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.


Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.




*Om God se Woord te bestudeer kan 'n uitdaging wees en selfs verwarrend. Ons gebruik die SOAP metode om te help om ons studie te vereenvoudig en te fokus op sleutelverse.*

# SOAP

*Bybelstudiemetode*



SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S

STAAN VIR

SCRIPTURE

(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O

STAAN VIR

OBSERVATION

(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*

*Watter woorde staan vir jou uit?*


A

STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*


APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is.
Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm. Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

P

STAAN VIR PRAYER (GEBED)


*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*



HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## GETUIENIS

*LGG Slowaakse Tak*

In die Bybel tref ons talle mense aan wat 'n onverwagte roeping van God ontvang het. Baie van hierdie mense is onkant betrap en baie het nog nooit die taak wat hulle opgelê is, oorweeg nie. Hulle reaksies was baie verskillend; party was vreesbevange (Gideon), party het besware geopper (Moses), party het nie geglo nie (Sagaria) en party het met nederigheid gereageer (Maria).

Ek kan my goed met hierdie verhale vereenselwig omdat my ervaring om saam met Love God Greatly te dien, baie daarmee ooreenstem. As ek terugdink aan my eerste reaksie op die uitnodiging om aan te sluit, laat dit my glimlag. God se gedagtes en planne was so anders as myne. Ek het ingestem om met die vertaalwerk te help, maar ek was taamlik teensinnig om leierskap te oorweeg. Die idee dat God my wou gebruik om die Slowaakse tak van Love God Greatly te bou, het vir my soos wetenskapsfiksie gelyk. Al wat ek gesien het, was my gebrek aan ervaring en ambisie om ander te lei, maar God het gesien hoe sy werk deur my swakheid gedoen word.

Ek is dankbaar vir die lesse wat God my deur hierdie bediening leer. My vrese en vertwyfeling kan nie keer wat God doen nie. Hoe ek my pogings sien, het geen invloed op wat God deur my wil doen nie. Selfs wat ek van myself dink, kan nie vervang wat God van my sê nie. Wat saak maak, is God se oogpunt. Hy is die Een wat my die beste ken, en ek kan ten spyte van my swakheid en onsekerheid 'n instrument in sy hande wees.

### *HY IS DIE EEN WAT MY DIE BESTE KEN...*

Dit is so opwindend om te sien hoe God oor die afgelope jaar al hoe meer vroue gestuur het om in die Slowaakse tak te dien. Ons span is 'n kleurvolle groep met lede uit verskillende kerke en ouderdomsgroepe, toegerus met verskillende gawes en vaardighede om in God se diens gebruik te word. Wat ons almal gemeen het, is 'n begeerte om God groots lief te hê en te sien hoe Hy die lewens van vroue in Slowakye deur sy Woord verander. Watter voorreg is dit nie om as sy dienaars saam te werk nie!

*Angie*

| TAAL | HOEVEEL MENSE WÊRELDWYD PRAAT HIERDIE TAAL | OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM: |
|---|---|---|
| Slowaakse | 5,265,000 | lgg.slovakia@gmail.com<br>Facebook: Miluj Boha nesmierne<br>Instagram: @milujbohanesmierne |




## HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

- Dat ons span sal groei sodat elke area van die bediening gedek sal word
- Dat God ons spanlede in tye van geestelike aanvalle sal beskerm
- Dat die vertaalde materiaal 'n hoë standaard sal handhaaf en nog meer vroue sal bereik

SAL JY GRAAG WIL HELP?
info@lovegodgreatly.com

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Slowaakse Tak*




Ken jy iemand wat by ons Love God Greatly Bybelstudies sou kon baat vind?

Indien wel, vertel hulle dan van al die wonderlike Bybelstudiebronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

**RESEP**

*LGG Slowaakse Tak*

# Bryndzove Halusky

**(GNOCCHI MET SKAAPMELKKAAS)**

## BESTANDDELE

3 K (700G) AARTAPPELS

2 K (500G) MEEL

¼ K (50G) GEROOKTE SPEK

½ K (120G) SKAAPMELKKAAS - "BRYNDZA"
(KAN OOK FETA, BOKMELKKAAS OF MAASKAAS GEBRUIK)

SOUT NA SMAAK

## METODE

Skil die aartappels en rasper fyn. Meng die meel en sout saam met die gerasperde aartappels. Meng die deeg goed - dit moet styf wees, maar deur 'n sif gedruk kan word. Druk die deeg deur 'n sif met groterige gate in kookwater in. Rasper die ongekookte spek fyn.

Roer die gnocchi af en toe terwyl dit kook. Wanneer dit na die oppervlak van die water opdryf, kook vir nog 2-3 minute. Braai intussen die fyngerasperde spek. Meng die oorblywende spekvet met die skaapmelkkaas in 'n mengbak.

Verwyder die gnocchi met 'n sif en laat die water afdrup. Plaas die gnocchi in die bak met die skaapmelkkaas en spekvetmengsel.

Meng goed. Indien dit te dik is, voeg 2-3 eetlepels van die oorblywende water waarin die gnocchi gekook is by. Sprinkel die spek en oorblywende spekvet oor.



## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

### *WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Rom. 10:9-10).

### *NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

### *SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons 'n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met 'n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as 'n kind van God begin.





# Kom Ons Begin

## ONS SEKURITEIT VIR DIE EWIGHEID

*Die Evangelie van Johannes*



# Inleiding

Die Evangelie van Johannes is 'n volledige weergawe van Jesus se bediening. Dit verskil egter van die Evangelies van Matteus, Markus en Lukas. Hoewel elke Evangelie Jesus duidelik toon as die Seun van God, die Messias van die wêreld, beklemtoon elkeen verskillende aspekte van Jesus se bediening. Die Evangelie van Johannes fokus op sewe tekens wat Jesus gedoen het asook sewe aansprake wat Hy gemaak het. Hierdie tekens en aansprake komplimenteer Johannes se hoofboodskap: **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**.

Die boek word in drie hoofdele verdeel: Jesus se openbare bediening (1:19–12:50), Jesus se private bediening (13:1–17:26) en Jesus se beproewinge, dood en opstanding (18:1–21:25). In die eerste gedeelte openbaar Jesus Homself aan die publiek deur middel van sewe wondertekens en vyf uitsprake. Die laaste twee bewerings oor Homself word in die tweede gedeelte gemaak, tydens Jesus se private bediening aan sy dissipels. Laastens onthul die derde gedeelte bewyse van Jesus se godheid in die beskrywing van die gebeure van sy dood en wonderbaarlike opstanding.

Die skrywer van die Evangelie van Johannes word nie pertinent in die boek geïdentifiseer nie, maar hy verwys wel na homself as "die dissipel vir wie Jesus liefgehad het" (Joh. 21:7). Geleerdes het tradisioneel saamgestem dat die apostel Johannes die skrywer was. Hierdie Evangelie word tipies baie later gedateer as die ander, tussen 85 n.C. en 95 n.C.

Terwyl ons die Evangelie van Johannes bestudeer, is ons uitdaging om dit met vars oë te lees. Eerder as om die teks te benader met alles wat jy dalk reeds oor die lewe en bediening van Jesus weet, lees dit asof dit die eerste keer is wat jy dit lees. Johannes het verwag dat sy lesers van Jesus sou gehoor het, ten minste van sy dood en opstanding, maar hierdie Evangelie vul baie besonderhede in en bewys waarom Jesus die Seun van God is. Terwyl jy hierdie Evangelie lees, lees dit as literatuur, hou die karakters, milieu en storielyn in gedagte. Johannes het 'n sentrale boodskap gehad om aan sy lesers oor te dra: **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**. Kom ons bestudeer hierdie Evangelie en laat God se Woord toe om ons harte en gedagtes te transformeer terwyl ons ontdek wie Jesus is.

## LEESPLAN

### WEEK 1

- ○ *Maandag*
  Lees: Johannes 1:1–18
  SOAP: Johannes 1:1–4
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Johannes 1:19–42
  SOAP: Johannes 1:34
- ○ *Woensdag*
  Lees: Johannes 1:43–51
  SOAP: Johannes 1:49
- ○ *Donderdag*
  Lees: Johannes 2:1–11
  SOAP: Johannes 2:11
- ○ *Vrydag*
  Lees: Johannes 2:12–22
  SOAP: Johannes 2:22

### WEEK 2

- ○ *Maandag*
  Lees: Johannes 2:23–3:21
  SOAP: Johannes 3:16–17
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Johannes 3:22–36
  SOAP: Johannes 3:35–36
- ○ *Woensdag*
  Lees: Johannes 4:1–42
  SOAP: Johannes 4:13–14
- ○ *Donderdag*
  Lees: Johannes 4:43–54
  SOAP: Johannes 4:53–54
- ○ *Vrydag*
  Lees: Johannes 5
  SOAP: Johannes 5:24

*Merk dit af*

**WEEK 3**

○ *Maandag*
Lees: Johannes 6:1–15
SOAP: Johannes 6:14

○ *Dinsdag*
Lees: Johannes 6:16–24
SOAP: Johannes 6:19–20

○ *Woensdag*
Lees: Johannes 6:25–58
SOAP: Johannes 6:35

○ *Donderdag*
Lees: Johannes 6:59–71
SOAP: Johannes 6:68–69

○ *Vrydag*
Lees: Johannes 7:1–52
SOAP: Johannes 7:28–29

**WEEK 4**

○ *Maandag*
Lees: Johannes 7:53–8:59
SOAP: Johannes 8:12

○ *Dinsdag*
Lees: Johannes 9
SOAP: Johannes 9:39

○ *Woensdag*
Lees: Johannes 10:1–21
SOAP: Johannes 10:9–11

○ *Donderdag*
Lees: Johannes 10:22–42
SOAP: Johannes 10:27–28

○ *Vrydag*
Lees: Johannes 11:1–44
SOAP: Johannes 11:25–27

## LEESPLAN

### WEEK 5

- *Maandag*
  Lees: Johannes 11:45–12:11
  SOAP: Johannes 11:51–52
- *Dinsdag*
  Lees: Johannes 12:12–50
  SOAP: Johannes 12:44–46
- *Woensdag*
  Lees: Johannes 13:1–30
  SOAP: Johannes 13:20
- *Donderdag*
  Lees: Johannes 13:31–14:31
  SOAP: Johannes 14:6
- *Vrydag*
  Lees: Johannes 15:1–16:33
  SOAP: Johannes 15:1

### WEEK 6

- *Maandag*
  Lees: Johannes 17
  SOAP: Johannes 17:3
- *Dinsdag*
  Lees: Johannes 18:1–19:42
  SOAP: Johannes 18:36
- *Woensdag*
  Lees: Johannes 20:1–18
  SOAP: Johannes 20:17
- *Donderdag*
  Lees: Johannes 20:19–31
  SOAP: Johannes 20:31
- *Vrydag*
  Lees: Johannes 21
  SOAP: Johannes 21:24–25

## JOU DOELWITTE

Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

### EEN

### TWEE

### DRIE



*In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.*

*Johannes 1:1-4*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Johannes se Evangelie is geskryf om aan die wêreld te bewys dat Jesus Christus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe. Johannes het aan 'n gehoor geskryf wat geweet het van Jesus se dood en opstanding. Sy doel was om aan diegene wat hierdie dinge gehoor het te bewys presies hoekom hulle kon glo dat Jesus die Seun van God is. Lees die boek met vars oë sonder om die einde van die verhaal te vergeet. Laat toe dat Johannes se woorde aan jou die aard van Christus bewys. Skryf neer watter nuwe waarhede jy ontdek terwyl jy dit op hierdie manier bestudeer.*

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Johannes 1:1-18*

In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God,
en die Woord was self God. 2 Hy was reeds in die begin
by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n
enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom
nie. 4 In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die
mense. 5 Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon
dit nie uitdoof nie.

6 Daar was 'n man wat deur God gestuur is. Sy naam was
Johannes. 7 Hy het gekom om te getuig; hy moes getuig
van die lig, sodat almal deur hom tot geloof kon kom. 8
Hy was self nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.

9 Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die
wêreld toe. 10 Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur
Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie
erken nie. 11 Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het
sy eie mense Hom nie aangeneem nie. 12 Maar aan almal
wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die
reg gegee om kinders van God te word. 13 Hulle is dit
nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die
besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.

14 Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.
Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid gesien, die
heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het,
vol genade en waarheid.

15 Johannes getuig van Hom en roep uit: "Dit is Hy wat ek
bedoel het toe ek gesê het: Hy wat ná my kom, is my vóór,
want Hy was voor my reeds daar."

16 Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.
17 God het die wet deur Moses gegee; die genade en die
waarheid het deur Jesus Christus gekom. 18 Niemand het
God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die
naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

## SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

**SOAP /** *Johannes 1:1–4*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

DAGSTUKKIE

WEEK 1 • MAANDAG

## SOAP

*Johannes 1:1–4*

*In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.*

## OORDENKING

Die Evangelie volgens Johannes openbaar onmiddelik die doel van die boek. Binne die eerste vier verse hoor ons dat die Woord ten volle God is, by God was in die begin, alles geskep het en lewe en lig is. Maar wie is die Woord? Dit is nie duidelik in hierdie eerste paragraaf na wie die apostel Johannes, die skrywer van hierdie Evangelie, verwys nie. Die proloog (of inleiding) van die boek (Johannes 1:1–18) openbaar meer van wie die Woord is.

In die oorspronklike Grieks is die woord wat as *Woord* vertaal word *logos*. *Logos* kan kommunikasie beskryf, hetsy skriftelik of mondelings, 'n manier om goddelike waarheid uit te druk. In hierdie geval het die skrywer die woord *logos* gebruik om die verpersoonlikte Woord van God te beskryf. Ons sal deur hierdie studie ontdek dat hierdie Woord van God menslike gestalte aangeneem het in die persoon van Jesus Christus.

Ons leer dat 'n man genaamd Johannes, van God gestuur is ('n ander Johannes as die skrywer van hierdie boek). Hierdie Johannes het gekom as 'n getuie, om oor die Woord te getuig, sodat almal in Hom sou glo. Johannes se doel was om oor die Woord te getuig omdat die wêreld nie die Woord erken het vir wie Hy is nie. Ons leer dat die Woord vlees geword het – wat beteken dat Hy nie altyd 'n vleeslike liggaam gehad het nie – en op aarde kom woon het. Hy het sy heerlikheid vertoon, heerlikheid wat van God alleen gekom het. Johannes (die getuie) het getuig van die Woord wat vlees geword het. In vers 17 hoor ons dat die Woord Jesus Christus is. Vers 18 getuig dat die Woord, Jesus Christus, self God is.

Hierdie proloog tot die Johannes-evangelie is propvol insig. Johannes (die skrywer) vertel dadelik aan sy gehoor wat hy in hierdie skrywe wou bewys: **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**.

Aan die begin van ons studie van die Evangelie volgens Johannes, is ons uitdaging om dit met vars oë te lees. Kom ons raak betrokke by die Skrif asof dit die eerste keer is wat ons hierdie Evangelie lees (miskien is dit!). Terwyl jy lees, onderstreep of beklemtoon gedeeltes in jou joernaal of Bybel wat die hoofboodskap van die boek bevestig: **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**.

**LEES**

*Week 1 • Dinsdag*

*Johannes 1:19-42*

Die Jode het priesters en Leviete van Jerusalem af na Johannes toe gestuur om hom te vra: “Wie is jy?”

Toe het hy hierdie getuienis afgelê 20 en dit duidelik en ondubbelsinnig gestel en openlik verklaar: “Ek is nie die Christus nie.”

21 Hulle vra hom toe: “Wie is jy dan? Is jy Elia?”

“Nee, ek is nie, sê hy.

“Is jy dan die Profeet?”

“Nee!” het hy geantwoord.

22 “Nou maar wie is jy dan? Ons moet ’n antwoord gaan gee aan dié wat ons gestuur het,” sê hulle vir hom. “Wat het jy oor jouself te sê?”

23 Hy antwoord toe:

“Ek is die een wat in die woestyn roep:
Maak die pad vir die Here reguit.”

Dit is soos die profeet Jesaja gesê het.

24 Daar was Fariseërs onder dié wat gestuur is, 25 en hulle het vir hom gevra: “Nou maar waarom doop jy dan as jy nie die Christus is nie en ook nie Elia nie en ook nie die Profeet nie?”

26 Johannes het hulle geantwoord: “Ek doop met water, maar tussen julle staan daar Iemand vir wie julle nie ken nie. 27 Dit is Hy wat ná my kom, wie se skoene ek nie werd is om los te maak nie.”

28 Dit het oorkant die Jordaan in Betanië gebeur, waar Johannes besig was om te doop.

29 Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! 30 Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: ‘Ná my kom daar ’n Man wat vóór is, want Hy

**LEES**

*Week 1 • Dinsdag*

was voor my reeds daar.' 31 Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar ek het gekom en ek doop met water sodat Hy aan Israel bekend gestel kan word."

32 Verder het Johannes getuig: "Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. 33 Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.' 34 Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God."

35 Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan, met twee van sy volgelinge by hom. 36 Toe Jesus verbyloop, het Johannes stip na Hom gekyk en gesê: "Dáár is die Lam van God!"

37 Die twee het hom dit hoor sê en hulle het Jesus gevolg. 38 Toe Jesus omkyk en sien dat hulle Hom volg, vra Hy vir hulle: "Wat soek julle?" en hulle het Hom geantwoord: "Rabbi" – dit beteken leermeester – "waar gaan U tuis?"

39 Hy sê toe vir hulle: "Kom saam, dan sal julle sien." Hulle het toe gegaan en gesien waar Hy tuis gaan. Dit was omtrent vieruur die middag, en hulle het die res van die dag by Hom gebly.

40 Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Jesus gevolg het. 41 Daarna het hy eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê: "Ons het die Messias gekry!" Messias beteken Christus.

42 Hy het hom na Jesus toe gebring. Jesus het stip na hom gekyk en gesê: "Jy is Simon seun van Johannes; jy sal Sefas genoem word." Sefas beteken dieselfde as Petrus.

**SKRYF**
*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 1 • DINSDAG

**SOAP** / *Johannes 1:34*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 1 • DINSDAG

## SOAP

*Johannes 1:34*

*Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God.*

## OORDENKING

In die inleiding tot die Evangelie volgens Johannes (1:1–18) word ons vertel van ‘n man met die naam Johannes. Johannes was ‘n getuie van die Messias, sodat almal deur sy getuienis kon glo. In vandag se leesstuk sien ons drie afsonderlike getuienisse van Johannes oor wie Jesus is.

Eerstens het Johannes aan diegene wat deur die godsdienstige leiers gestuur is, bely dat hy nie die Christus was nie. Hy het ook gesê dat hy nie Elia of die Profeet was nie. Die godsdienstige leiers en Johannes het die Skrifte geken; hulle het geweet God het belowe om iemand voor die Messias uit te stuur om Hom aan die wêreld te verkondig. Johannes het getuig dat hy die stem is waarvan die profeet Jesaja gepraat het, die een wat die Messias se koms sou verkondig.

Toe Johannes Jesus daar naby sien loop, het hy aan diegene rondom hulle verkondig wie Jesus is. Hy het getuig dat Jesus die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem, die Uitverkorene van God. Johannes het geweet sy doel was om die Messias te verkondig. Hy het Jesus herken en geglo vir wie Hy is. Trouens, Lukas se Evangelie deel ons mee dat Johannes se moeder, Elisabet, die eerste was wat verkondig het dat Jesus die Here is, nadat Johannes in haar moederskoot beweeg het (Lukas 1:39–45).

Ná Johannes se derde getuienis het twee van sy eie dissipels hom verlaat en Jesus gevolg. Johannes het duidelik sy dissipels goed geleer, want op sy verklaring het hulle vertrek en Jesus gevolg. As gevolg van Johannes se getuienis het hierdie twee dissipels Jesus gevolg en meer mense na Hom gebring. Andreas en die naamlose dissipel (Johannes, die skrywer van hierdie Evangelie), het geglo as gevolg van Johannes se getuienis en, op sy beurt, het Petrus geglo as gevolg van Andreas se getuienis.

Hierdie aanvanklike getuienisse van wie Jesus is konfronteer ons met ‘n vraag terwyl ons vandag Johannes se Evangelie lees: Wie glo jy is Jesus? Deur die loop van ons studie sal ons baie proklamasies hoor van wie mense gesê het Jesus was – van die Messias en die Seun van God tot ‘n demoonbesete misdadiger. Maar ons sal ook sewe aansprake van Jesus self hoor oor wie Hy is. Ons moet voorbereid wees, soos Johannes was, om enige tyd vrae te beantwoord oor wie Jesus is. Soos ons vorder met ons studie waarin Johannes bewys dat **Jesus Christus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**, moet ons toegewyd bly om die waarheid te ontdek oor wie Jesus is en wat Hy kom doen het.

**LEES**

*Week 1 • Woensdag*

*Johannes 1:43-51*

Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea toe te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: "Volg My!"

44 Filippus was van Betsaida afkomstig, van dieselfde dorp as Andreas en Petrus.

45 Filippus kry toe vir Natanael en sê vir hom: "Ons het Hom gekry van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die Seun van Josef."

46 Maar Natanael sê vir hom: "Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?"

"Kom kyk," het Filippus hom geantwoord.

47 Toe Jesus vir Natanael na Hom toe sien aankom, sê Hy vir hom: "Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie."

48 Natanael vra Hom toe: "Waarvandaan ken U my?"

"Voordat Filippus jou geroep het," antwoord Jesus hom, "toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien."

49 Toe roep Natanael uit: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!"

50 Daarop sê Jesus vir hom: "Glo jy omdat Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge as dit sien."

51 Verder sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe."

## SOAP

WEEK 1 • WOENSDAG

**SOAP /** *Johannes 1:49*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 1 • WOENSDAG

### SOAP

*Johannes 1:49*

*Toe roep Natanael uit: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!"*

### OORDENKING

Op hierdie punt in die Johannes-evangelie verskuif die fokus van Johannes (vandag word daar gereeld na hom verwys as *Johannes die Doper*), na Jesus. Die verhaal volg die twee dissipels wat Johannes verlaat het om dissipels van Jesus te word. As gevolg hiervan glo baie geleerdes dat die naamlose dissipel in Johannes 1:40 die apostel Johannes was. Omdat hierdie Johannes se weergawe is van die lewe en bediening van Jesus, maak dit sin dat die narratief sy besluit om Jesus te volg sal beklemtoon.

In vandag se teks het Jesus meer dissipels begin roep. Die eerste twee, Andreas en Johannes, het Jesus gevolg as gevolg van Johannes die Doper se getuienis. Petrus het gevolg omdat Andreas, sy broer, verkondig het dat Jesus die Messias is. Filippus het gevolg toe Jesus hom uitgenooi het om Hom te volg met die woorde: "Volg my," en toe het Filippus Natanael aangemoedig om Jesus te volg.

Natanael se reaksie op Filippus se aanmoediging om 'n man van Nasaret te volg, toon 'n mate van plaaslike jaloesie of wedywering. Dit kon óf 'n algemene houding in Galilea óf 'n persoonlike vooroordeel van Natanael wees dat niks goeds uit Nasaret kon kom nie. Natanael het egter sy vooroordeel opsy gesit en Jesus gaan sien.

Jesus het sy krag en alwetendheid bewys toe Hy Natanael ontmoet het. Natanael het Jesus dadelik geglo en verkondig dat Hy die Seun van God is. Natanael is onderrig in die Skrifte en Joodse gebruike en het geweet dat 'n Messias sou kom. Toe hy Jesus gevind het, het hy Hom as die beloofde Messias herken. Natanael het geglo toe Jesus hom iets vertel het wat Hy nie kon geweet het tensy Hy die Seun van God was nie; Natanael het geglo as gevolg van wat Hy Jesus sien doen het.

Natanael se geloofsverklaring, sowel as Jesus se reaksie laat ons onsself 'n soortgelyke vraag afvra: Glo ons in Jesus as gevolg van wonderbaarlike antwoorde op gebed of as gevolg van wie Hy is? Soos ons deur Johannes se Evangelie aanhou ontdek dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**, sal ons terugkom na hierdie vraag. Mag ons, bo en behalwe die magtige werke wat ons gesien het, ook glo op grond van wie Hy is en die getuienis wat ons gegee is.

**LEES**

*Week 1 • Donderdag*

*Johannes 2:1-11*

Op die derde dag was daar 'n bruilof in Kana in Galilea, en
die moeder van Jesus was daar. 2 Jesus en sy dissipels is ook
na die bruilof toe genooi.

3 Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: "Hulle
het nie meer wyn nie."

4 Maar Hy sê vir haar: "Waarom sê u dit vir My? My tyd
het nog nie gekom nie."

5 Sy moeder sê toe vir die kelners: "Wat Hy ook al vir julle
sê, moet julle doen."

6 Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by
hulle reiniging gebruik het. Elkeen het tussen negentig en
honderd liter gehou. 7 Jesus sê toe vir die kelners: "Maak
die kanne vol water."

Hulle het dit tot bo toe volgemaak.

8 Toe sê Hy vir hulle: "Skep nou daarvan uit en gaan gee dit
vir die seremoniemeester."

Hulle het dit gedoen. 9 Die seremoniemeester het nie
geweet waar dit vandaan kom nie, maar die kelners wat die
water uitgeskep het, het geweet. Toe die seremoniemeester
die water proe wat wyn geword het, roep hy die bruidegom
10 en sê vir hom: "'n Mens sit gewoonlik eers die goeie wyn
voor, en as die mense goed gedrink het, dié van swakker
gehalte; maar jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou."

11 Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea
gedoen. Hy het daardeur sy heerlikheid laat blyk, en sy
dissipels het tot geloof in Hom gekom.

## SOAP

WEEK 1 • DONDERDAG

**SOAP /** *Johannes 2:11*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 1 • DONDERDAG

## SOAP

*Johannes 2:11*

*Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur sy heerlikheid laat blyk, en sy dissipels het tot geloof in Hom gekom.*

## OORDENKING

Dwarsdeur die Evangelie volgens Johannes bied die skrywer sewe wondertekens wat Jesus verrig. Hierdie tekens was bedoel vir Johannes se lesers om kragtige dade te aanskou wat die realiteit van wie Jesus is sou openbaar. As ons hierdie tekens verstaan en reg interpreteer, vind ons ‘n duidelike prentjie van hoe **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**.

Die eerste teken word gevind in die wonderwerk by die bruilof te Kana in Galilea. Jesus het ‘n bruilof saam met sy dissipels bygewoon. Kana was ‘n dorp naby Nasaret, waar Jesus voor sy openbare bediening gewoon het. Sy moeder was ook teenwoordig, wat aandui dat dit die bruilof van ‘n familielid was. Toe die wyn opraak, het Jesus die eerste wonderwerk gedoen wat in hierdie Evangelie opgeteken is. Hy het ses kanne water in kwaliteit wyn verander. Dit was die eerste van hierdie wondertekens wat Johannes opgeteken het. Deur dit te doen, het dit aan sy dissipels geopenbaar dat Hy die Seun van God was. Dit was die begin van sy openbare bediening.

Hierdie verhaal is dalk aan baie van ons bekend. Hoe hard ons ookal probeer om die Evangelie volgens Johannes met ‘n nuwe bril te bestudeer, is dit moeilik om die teks sonder enige vooroordele te benader. Daar is interpretasies van hierdie gedeelte wat beweer dat die wyn eintlik nie-alkoholiese druiwesap was. ‘n Ander interpretasie is dat, omdat Jesus die water in wyn verander het, Hy sy goedkeuring skenk aan die gebruik van wyn en ander alkoholiese drankies. Dis maklik om vasgevang te word in die onkruid, om op die fyner detail eerder as die groter prentjie te fokus. Wanneer ons hierdie gedeelte interpreteer deur die klem te plaas op hoe ons as Christene die gebruik van wyn moet benader, mis ons die wonderwerk wat Jesus gedoen het.

Jesus het sy eerste wonderteken verrig deur water in wyn te verander. Johannes het hierdie wonderwerk gebruik in sy vertelling van Jesus se bediening om vir ons te wys dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**. Jesus het een ding in ‘n ander verander. Hy het die eienskappe van water verander in ‘n heeltemal nuwe stof: wyn. Net die Een wat beide water en wyn geskep het, sou so iets kon doen. Jesus wys sy mag oor die skepping, en bewys wat Johannes in hoofstuk 1 gesê het, dat alle dinge inderdaad deur Hom geskep is (1:3). Ons is veronderstel om sy grootheid, sy krag en sy kreatiwiteit in hierdie teken te sien. Ons is veronderstel om sy heerlikheid te sien en in Hom te glo.

**LEES**

*Week 1 • Vrydag*

*Johannes 2:12-22*

Hierna het Hy, sy moeder, sy broers en sy dissipels na Kapernaum toe gegaan, maar hulle het nie baie lank daar gebly nie.

13 Die paasfees van die Jode was naby, en Jesus het daarvoor na Jerusalem toe gegaan. 14 Op die tempelplein het Hy die verkopers van beeste, skape en duiwe gekry en die geldwisselaars wat daar sit. 15 Toe het Hy met toutjies ’n sweep gemaak en almal uit die tempel uitgejaag, ook die skape en die beeste. Die geld van die geldwisselaars het Hy op die grond gegooi en hulle tafels omgekeer. 16 Vir die mense wat die duiwe verkoop het, het Hy gesê: “Vat hierdie goed hier weg! Moenie die huis van my Vader ’n besigheidsplek maak nie.”

17 Toe het sy dissipels daaraan gedink dat daar geskrywe staan: “Die liefde vir u huis verteer my.”

18 Maar die Jode het Hom aangespreek en vir Hom gesê: “Met watter wonderteken kan u vir ons bewys dat u hierdie dinge mag doen?”

19 Jesus het hulle geantwoord: “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.”

20 Die Jode sê toe: “Ses en veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en u sal hom in drie dae oprig?”

21 Met “hierdie tempel” het Hy egter sy liggaam bedoel. 22 Later, nadat Hy uit die dood opgewek is, het sy dissipels daaraan gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woorde van Jesus geglo.

## SOAP

WEEK 1 • VRYDAG

**SOAP /** *Johannes 2:22*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 1 • VRYDAG

## SOAP

*Johannes 2:22*

*Later, nadat Hy uit die dood opgewek is, het sy dissipels daaraan gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woorde van Jesus geglo.*

## OORDENKING

Ons Skriflesing vandag bring ons by ’n bekende toneel uit die lewe van Jesus. Johannes het hierdie gebeurtenis aan die begin van sy Evangelie opgeteken terwyl Matteus, Markus en Lukas almal die reiniging van die tempel in die laaste paar dae van Jesus se lewe ingesluit het. Die Evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes het elkeen ‘n ander benadering tot die oorvertelling van Jesus se lewe. Johannes se benadering was om spesifieke gebeure in Jesus se lewe uit te kies en dit so aan te bied dat dit bewys **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**. Dit is ‘n strategiese verduideliking van wie Jesus is. As ons dit in gedagte hou, kan ons die bedoeling van die gedeelte beter verstaan.

Toe Jesus tydens die Paasfees die tempelplein betree, het Hy merkbaar kwaad geword. Hy het ‘n sweep gevleg en die skape en beeste en hulle verkopers begin uitjaag. Hy het die tafels van die geldwisselaars omgekeer en die duiweverkopers beveel om onmiddellik pad te gee. Jesus se reaksie wys hoe korrup die Joodse godsdiensstelsel geraak het.

Die Wet het vereis dat ‘n vlekkelose dier as offerande na die tempel gebring moes word. Die soort dier het afgehang van die soort offer. Eerder as om diere van ver af te bring, kon die mense in Jerusalem vir hulle ‘n offerdier koop (Deuteronium 14:25). Daar is ook vereis dat die mense ‘n tempelbelasting moes betaal as ‘n offer aan die Here (Eksodus 30:13). Die belasting en diere kon nie met Romeinse denarii betaal word nie, en daarom moes die geld vir die tempelgeldeenheid omgeruil word.

Die omruil van geld en verkoop van diere het in die tempelplein geskied. Die tempel was bedoel om ‘n aanbiddingsplek te wees, ‘n plek waar die heiligheid van God deur offers geëer word. In plaas daarvan het die mense dit in ‘n besigheidsplek en ‘n bank omskep. Met hulle optrede het hulle die heiligheid van God en die tempel geminag en dit was vir Jesus verfoeilik.

Die Joodse leiers het geëis dat Jesus moes bewys watter gesag Hy het om hierdie mense uit die tempelplein te verjaag en die hele stelsel te ontwrig. Eerder as om hulle speletjies te speel, het Jesus sy opstanding voorspel. Vers 22 wys vir ons dat Johannes veronderstel het dat sy lesers die afloop van die verhaal ken—dat Jesus gekruisig is en na drie dae weer opgestaan het. As ons hierdie verslag lees met die einde in gedagte, bied dit nog verdere konkrete bewys dat Jesus is wie Hy sê Hy is.

## OORDENKING
WEEK 1

1. *Wat is die sentrale boodskap van Johannes se evangelie?*

.............................................................................................

.............................................................................................

.............................................................................................

2. *Wat was die drie getuienisse wat Johannes die Doper oor Jesus gegee het? Watter uitwerking het dit op Johannes se dissipels gehad?*

.............................................................................................

.............................................................................................

.............................................................................................

3. *Glo jy in Jesus as gevolg van wat jy Hom sien doen het (gebede verhoor of materiële seëninge verskaf)? Glo jy in Jesus as gevolg van wie Hy is?*

.............................................................................................

.............................................................................................

.............................................................................................

4. *Wat was die eerste wonderteken wat Jesus gedoen het? Waarom was dit belangrik? Wat was die gevolg van hierdie teken?*

.............................................................................................

.............................................................................................

.............................................................................................

5. *Lees Levitikus 5:6–13. Waarom was dit betekenisvol dat die handelaars diere aan die mense verkoop het? Hoe het dit God se huis ontreinig?*

.............................................................................................

.............................................................................................

.............................................................................................



*God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.*

*Johannes 3:16-17*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Na al die verse wat ons hierdie week lees, sal ons drie van die wondertekens wat Jesus gedoen het, bestudeer het. Skryf hierdie eerste drie tekens in jou joernaal aan. Wat sê hulle vir jou van Jesus? Hoe bewys hierdie tekens Johannes se hoofboodskap dat Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe?*

**LEES**

*Week 2 • Maandag*

*Johannes 2:23-3:21*

Terwyl Jesus vir die viering van die paasfees in Jerusalem was, het daar baie mense tot geloof in Hom gekom toe hulle die wondertekens sien wat Hy doen. 24 Maar Hy het Hom nie op hulle verlaat nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is. 25 Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is.

1 Daar was 'n man met die naam Nikodemus. Hy het aan die party van die Fariseërs behoort en was 'n lid van die Joodse Raad. 2 Een nag het hy na Jesus toe gekom en vir Hom gesê: "Rabbi, ons weet dat u 'n leermeerster is wat van God af gekom het, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat u doen, as God nie by hom is nie."

3 Daarop sê Jesus vir hom: "Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."

4 Nikodemus vra Hom toe: "Hoe kan 'n mens gebore word as hy al 'n ou man is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?"

5 Jesus het geantwoord: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. 6 Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees. 7 Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie. 8 Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is."

9 Nikodemus vra Hom toe: "Maar hoe is dit moontlik?"

10 En Jesus antwoord hom: "Jy is die bekende leermeester van Israel en jy verstaan dit nie? 11 Dit verseker Ek jou: Ons praat oor wat ons weet, en ons getuig oor wat ons gesien het, en tog aanvaar julle nie ons getuienis nie. 12 Ek het julle van die aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek vir julle van die hemelse vertel? 13 Niemand op die aarde was al in die hemel nie behalwe Hy wat uit die hemel gekom het, naamlik die Seun van die mens. 14 Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, 15 sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.

16 "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. 17 God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. 18 Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie. 19 En so kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg. 20 Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie. 21 Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is."

## SOAP

WEEK 2 • MAANDAG

**SOAP /** *Johannes 3:16–17*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 2 • MAANDAG

### SOAP

*Johannes 3:16–17*

*God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.*

### OORDENKING

Nikodemus was 'n intelligente en gerespekteerde man. Hy was 'n Fariseër en 'n lid van die Joodse Raad. Die Fariseërs was destyds lede van die belangrikste en invloedrykste godsdienstige en politieke partye in Jerusalem en die omstreke. Hulle was bekend vir hulle streng nakoming van die Ou Testamentiese wette. Nikodemus het ook behoort aan die Sanhedrin, die hoogste gesags-, wetgewende en regterlike liggaam onder die Jode.

Nikodemus kon dalk die Ou Testamentiese wet, die godsdienspraktyke en die politieke klimaat van sy tyd geken het, maar wat hy nie geweet of verstaan het nie, was wie Jesus was. In plaas daarvan om Jesus as 'n bedreiging vir sy gesag en leefwyse te beskou, het Nikodemus egter besef dat Jesus die weg na die ewige lewe ken. Nikodemus, net soos baie van ons, het gesukkel om te verstaan toe Jesus verduidelik het dat enigeen wat die ewige lewe wou verkry, uit die Gees gebore moes word.

Ons kan net in Jesus Christus nuwe lewe vind. **Hy is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**. Jesus is al een wat die dinge van die hemel ken en verstaan. Geen mens het al ooit hemel toe gegaan en teruggekom aarde toe om hierdie dinge te verduidelik nie. In plaas daarvan het God sy Seun, Jesus Christus, wat in die hemel gewoon het, aarde toe gestuur om vir ons die weg na die ewige lewe te wys. God se wysheid oor Homself het deur Homself, Jesus Christus, na ons toe gekom. Jesus is God en het na ons toe gekom sodat ons Hom kon leer ken.

Jesus het aarde toe gekom sodat diegene wat in Hom glo die ewige lewe kan hê. Ewige lewe beteken meer as oneindige lewe. Dit beskryf 'n lewe wat hemelsbreed verskil van wat ons ons kan voorstel omdat dit bestaan in die nuwe koninkryk van God met konstante, ononderbroke gemeenskap met God. Jesus het gekom om hierdie lewe vir ons te gee, nie om ons te veroordeel nie. Hy het gekom sodat ons, wanneer ons in Hom glo, lewe mag hê. Hy het ons kom verlos. As ons in Hom glo, ontvang ons tot in ewigheid hierdie eindelose, ononderbroke gemeenskap met God.

Ons word nie op hierdie punt in Johannes se Evangelie meegedeel of Nikodemus daardie nag gekies het om in Jesus te glo nie. Deur Nikodemus se vraag word al Johannes se lesers (ons ook) egter met dieselfde vraag gekonfronteer: Glo jy dat Jesus die weg na die ewige lewe is? Pleks daarvan om uit vrees vir blootstelling of verleentheid die donkerte op te soek, mag ons die lig opsoek, waar ons nie veroordeling en oordeel sal aantref nie, maar die ewige lewe!

**LEES**

*Week 2 • Dinsdag*

*Johannes 3:22-36*

Hierna het Jesus en sy dissipels na die platteland van Judea toe gegaan. Hulle het 'n rukkie daar gebly en mense gedoop. 23 Johannes was ook besig om te doop, by Enon naby Salim, waar daar baie water was. Die mense het na hom toe gekom en is deur hom gedoop. 24 Johannes was nog nie in die tronk gesit nie.

25 Daar het toe tussen Johannes se volgelinge en 'n Jood 'n woordewisseling ontstaan oor die reiniging. 26 Hulle het na Johannes toe gekom en vir hom gesê: "Rabbi, Hy wat oorkant die Jordaan by u was, van wie u getuig het, weet u, Hy doop ook, en almal gaan na Hom toe."

27 Johannes het hulle geantwoord: "Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie uit die hemel aan hom gegee is nie. 28 Julle is self my getuies dat ek gesê het: 'Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom uit gestuur.' 29 Die bruidegom is die een aan wie die bruid behoort; maar die vriend van die bruidegom staan en luister of hy kom en is baie bly wanneer hy die stem van die bruidegom hoor. Daarom is ek nou met blydskap vervul. 30 Hy moet meer word en ek minder.

31 "Hy wat van bo af kom, is bo almal; hy wat van die aarde is, hoort by die aarde en praat die taal van die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal. 32 Wat Hy gesien en gehoor het, dít getuig Hy, en tog aanvaar niemand sy getuienis nie. 33 Wie sy getuienis aanvaar het, het daardeur bevestig dat God geloofwaardig is. God het Hom immers gestuur, en Hy spreek die woorde van God, want God gee Hom sy Gees sonder enige beperking. 35 Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee. 36 Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom."

**SOAP**

WEEK 2 • DINSDAG

**SOAP** / *Johannes 3:35–36*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

DAGSTUKKIE

WEEK 2 • DINSDAG

## SOAP

*Johannes 3:35–36*

*Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee. Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.*

## OORDENKING

Kom ons kyk weer na ‘n paar fundamentele waarhede oor hierdie vertelling van Jesus se bediening soos ons ons studie van die Evangelie van Johannes voortsit. Eerstens is hierdie weergawe nie altyd in chronologiese volgorde nie; hierdie Evangelie is saamgestel om aan Johannes se lesers te bewys **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**. Die gebeure is so opgeteken dat dit tematies sin maak, en nie altyd in die presiese volgorde waarin dit plaasgevind het nie. Tweedens fokus die eerste twaalf hoofstukke op Jesus se openbare bediening. Hierdie hoofstukke is ‘n weergawe van wat die wêreld Hom gesien doen het en uitsprake oor en deur Hom.

In vandag se Skrifgedeelte word ons weer bekend gestel aan Johannes die Doper, die getuie wat gestuur is om te getuig wie Jesus is. Johannes se oortuiging oor wie Jesus is en wat Hy kom doen het, is vir ons ‘n uitdaging in ons eie geloof. Glo ons werklik hierdie getuienisse oor Jesus? Glo ons dat Hy is wie Hy sê Hy is?

Toe Johannes se dissipels hulle besorgdheid uitspreek dat die mense agter Jesus aan stroom pleks van hom, het Johannes hulle tereggewys. Johannes het geweet sy doel was nie om afbreuk te doen aan Jesus se werk nie, maar om mense na Hom toe te wys. Johannes het onder geen waan verkeer dat Hy die Christus is nie; hy het prontuit verklaar dat hy dit nie is nie, en hulle na die ware Een toe verwys. Johannes se woorde in vers 30 is vir ons ‘n pragtige voorbeeld van hoe ons ons lewens behoort te lei: “Hy moet meer word en ek minder.”

Johannes (die skrywer) sluit hierdie toneel af met ‘n vertelling oor Jesus, die Gestuurde van God. Hy alleen spreek die woorde van God en gee ons die Gees. Die Vader het alles onder sy gesag geplaas—daar is niks wat Hy nie sien of nie weet nie. As ons in Hom glo, ontvang ons die ewige lewe. Johannes maak ons egter ook daarop attent dat ons moet onthou as ons Hom verwerp, gaan ons nie hierdie lewe ontvang nie. Trouens, ons sal God se woede en straf ontvang.

Jesus is die enigste weg na die ewige lewe. Ons ontvang nie die lewe as ons gelyktydig ons geloof in Jesus én ander godsdienste plaas nie. As ons glo enige geloof of god kan ons red, verstaan en glo ons nie werklik in Jesus nie, in wie Hy is en wat Hy gedoen het nie. Hy was nie maar net ‘n goeie leermeester, ‘n goeie man of ‘n profeet nie. Hy is die Seun van God en Hy alleen is die weg na die ewige lewe.

**LEES**

*Week 2 • Woensdag*

*Johannes 4:1-42*

Die Fariseërs het gehoor dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes. – 2
Eintlik was dit nie Jesus wat gedoop het nie, maar sy dissipels. – 3 Toe Jesus
dit verneem, het Hy Judea verlaat en weer na Galilea toe gegaan. 4 Hy moes
deur Samaria gaan.

5 Hy kom toe by 'n dorp in Samaria met die naam Sigar, naby die stuk grond
wat Jakob aan sy seun Josef gegee het. 6 Die fontein van Jakob was daar, en
Jesus het toe, omdat Hy moeg was van die reis, sommer by die fontein gaan sit.
Dit was omtrent twaalfuur die middag.

7 Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou water haal, en Jesus vra haar: "Gee My 'n
bietjie water om te drink."

8 Sy dissipels was intussen weg dorp toe om te gaan kos koop.

9 Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n
Samaritaanse vrou, water om te drink?"

Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie.

10 Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat
vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink,' sou jy Hom gevra het, en Hy
sou vir jou lewende water gegee het."

11 Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die
put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry? 12 Jy is tog nie tot
meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self
saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?"

13 Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer
dors kry; 14 maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle
ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n
fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee."

15 Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek
nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie."

16 Hy sê toe vir haar: "Gaan roep jou man en kom terug hierheen."

17 Die vrou het Hom geantwoord: "Ek het nie 'n man nie."

En Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: 'Ek het nie 'n man nie.' 18
Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die
waarheid gepraat."

19 Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is. 20 Ons
voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens
God moet aanbid, is in Jerusalem."

## LEES
*Week 2 • Woensdag*

21 Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle
die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. 22 Julle
aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die
verlossing kom uit die Jode. 23 Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer
die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want
die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. 24
God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid
aanbid."

25 Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die
Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak."

26 Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat."

27 Net toe het sy dissipels teruggekom en hulle was verbaas dat Hy met 'n vrou
praat. Tog het niemand vir haar gevra: "Wat wil jy hê?" of vir Hom: "Waarom
praat U met haar?" nie.

28 Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe
gegaan en vir die mense gesê: 29 "Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel
het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?"

30 Die mense het toe uit die dorp uit na Jesus toe begin kom.

31 Intussen het sy dissipels by Hom aangedring: "Rabbi, eet tog 'n stukkie."

32 Maar Hy sê vir hulle: "Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie."

33 Die dissipels sê toe vir mekaar: "Sou iemand dalk vir Hom iets te ete gebring
het?"

34 Maar Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom
wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi. 35 Sê julle nie: 'Nog vier maande,
dan is die oes daar' nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle
is ryp vir die oes. 36 Nou al ontvang die man wat oes, sy loon en samel hy die
oes in vir die ewige lewe. So is die een wat saai, en die een wat oes, saam bly.
37 Hier is die gesegde waar: 'Die een saai, en die ander een maai.' 38 Ek het
julle gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het
gearbei en julle pluk die vrug van hulle arbeid."

39 Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op
grond van die woorde van die vrou wat getuig het: "Hy het my alles vertel wat
ek gedoen het." 40 Toe die Samaritane by Hom kom, het hulle by Hom daarop
aangedring om by hulle te bly. Hy het twee dae daar gebly. 41 Nog baie meer
van hulle het toe tot geloof in Hom gekom op grond van wat Hy gesê het; 42
en hulle het vir die vrou gesê: "Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel
het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die
Verlosser van die wêreld is."

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 2 • WOENSDAG

**SOAP /** *Johannes 4:13–14*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 2 • WOENSDAG

### SOAP

*Johannes 4:13–14*

*Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee."*

### OORDENKING

Die Jode en Samaritane het nie ooghare vir mekaar gehad nie. Die Samaritane was afstammelinge van die volk Israel en ballinge van die Assiriese ryk. Die Jode was afstammelinge van diegene uit die stam van Juda wat in ballingskap na Babilonië weggevoer is. Die Jode het op die Samaritane neergesien omdat hulle afgestam het van die Israeliete wat met vreemde ballinge ondertrou het. Die spanning tussen die groepe het aangehou om toe te neem, en die groepe het selde met mekaar omgegaan. Normaalweg sou die Jode wat van Jerusalem in die suide na Galilea in die noorde gereis het, Samaria geheel en al vermy, al was dit 'n langer roete. Jesus se keuse om deur Samaria te reis, het getoon dat sy boodskap nie net vir die Jode bedoel was nie, maar vir die hele wêreld.

Die vrou wat Jesus by die put ontmoet het, was in 'n wanhopige situasie, op soek na vergifnis, beskerming en sorg. Toe Jesus 'n opmerking maak oor haar vyf vorige mans en haar huidige saamblyery met 'n man met wie sy nie getroud is nie, het Hy haar behoefte aan ware herstel, onvoorwaardelike liefde en om vry te wees van sonde, beklemtoon.

Jesus het gekom om vroue en mans nes hierdie vrou te red en voor om te gee. Sy was net soos ons almal in sonde vasgevang, desperaat vir genesing, vergifnis en omgee. Vroue in die eerste-eeuse Israel kon nie vir hulleself sorg nie en was van hul mans afhanklik om in hulle behoeftes te voorsien. Hierdie vrou moes van haar sonde en haar desperate behoefte aan voorsiening gered word. Jesus het ingetree, gewillig om haar te red en om aan haar vergifnis en ware lewe in Hom te bied.

Sy het na die put toe gegaan om water—die bron van lewe—te gaan haal. Toe sy Jesus teëkom, het Hy pleks van water vir haar die ewige lewe aangebied. Net soos water die bron van lewe is, is die Gees die bron van lewe. Die Gees bied egter die ewige lewe, wat water nie kan bied nie. Toe die vrou in 'n wanhoopsituasie was, het Jesus haar alles gebied wat sy ooit sou nodig kry: Homself. Net Hy kan vir ons die ewige lewe bied, want **Hy is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**.

Jesus het uitdruklik aan die vrou erken dat Hy die Messias is. Die vrou het Hom geglo. Sy het sy gawe van lewende water aangeneem en vir almal in haar dorp vertel wat sy gesien het. Wanneer ons in Jesus glo vir wie Hy is, sal ons getuienis oorloop na almal met wie ons te doen kry.

**LEES**

*Week 2 • Donderdag*

*Johannes 4:43-54*

Ná die twee dae het Jesus daarvandaan na Galilea toe
gegaan. 44 Hy het self verklaar dat ‘n profeet nie in sy eie
land geëer word nie, 45 maar toe Hy in Galilea kom, het
die Galileërs Hom verwelkom. Hulle het alles gesien wat
Hy gedurende die feesvierings in Jerusalem gedoen het,
want hulle was self ook by die paasfees. 46 Jesus het toe
weer na Kana in Galilea toe gegaan, waar Hy die water wyn
gemaak het.

In Kapernaum was daar ‘n sekere regeringsamptenaar wie
se seun siek was. 47 Toe hy hoor dat Jesus uit Judea na
Galilea toe gekom het, het hy na Hom toe gegaan en Hom
gevra om te kom en sy seun gesond te maak, want hy het
op sterwe gelê. 48 Jesus sê toe vir hom: “As julle nie tekens
en wonders sien nie, glo julle eenvoudig nie.”

49 En toe sê die amptenaar vir Hom: “Here, kom tog
voordat my kindjie sterwe.”

50 Maar Jesus sê vir hom: “Gaan maar huis toe, jou seun
lewe.”

Die man het geglo wat Jesus vir hom gesê het, en gegaan. 51
Toe hy nog op pad was, het sy werksmense hom al tegemoet
gegaan en vertel dat sy kind lewe. 52 Hy vra hulle toe
presies wanneer hy begin beter word het, en hulle antwoord
hom: “Gistermiddag eenuur het die koors hom verlaat.”

53 Die pa het toe besef dat dit op dieselfde oomblik was
waarop Jesus vir hom gesê het: “Jou seun lewe.” En hy en sy
hele huisgesin het tot geloof in Jesus gekom.

54 Dit was die tweede wonderteken wat Jesus gedoen het
nadat Hy weer uit Judea na Galilea toe gekom het.

## SOAP

WEEK 2 • DONDERDAG

**SOAP /** *Johannes 4:53–54*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE
WEEK 2 • DONDERDAG

### SOAP

*Johannes 4:53–54*

*Die pa het toe besef dat dit op dieselfde oomblik was waarop Jesus vir hom gesê het: "Jou seun lewe." En hy en sy hele huisgesin het tot geloof in Jesus gekom. Dit was die tweede wonderteken wat Jesus gedoen het nadat Hy weer uit Judea na Galilea toe gekom het.*

### OORDENKING

In vandag se skrifgedeelte vind ons nog 'n toneelsverandering in die Evangelie van Johannes. Die toneel begin met Jesus wat van Samaria na Galilea reis. Alhoewel die gebeurtenisse van Jesus se bediening in hierdie Evangelie-verhaal nie altyd in chronologiese volgorde is nie, vertel hierdie gedeelte van Jesus se werk op verskillende plekke en tydens sy reise tussen Judea en Galilea.

Kana was 'n stad in die streek Galilea. Die eerste wonderteken wat Jesus gedoen het, was ook in Kana: Hy het water tydens 'n troue in wyn verander. Die toneel waarvan ons vandag lees, speel ook af in Kana en is die tweede wonderteken wat Jesus gedoen het. Hierdie twee tekens is boekstutte vir hierdie gedeelte van die verhaal en help ons om Johannes se beoogde fokus in te sien: geloof sonder om te sien.

Ons vind groot ooreenkomste tussen die verhaal van Jesus wat die amptenaar se seun genees en die verhaal van die troue in Kana. Hierdie ooreenkomste is nie toevallig nie – dit was Johannes se bedoeling dat sy lesers hierdie ooreenkomste sou herken en die verband kon raaksien.

In albei gevalle is Jesus genader en gevra om 'n wonderwerk te verrig. Die man het Jesus gevra om sy seun te genees en Jesus se moeder het (hoewel indirek) gevra om meer wyn vir die bruilofsfees te voorsien. Jesus het beide sy moeder en die amptenaar daaraan herinner dat sy doel nie was om allerhande wonderwerke te verrig nie; Hy het 'n veel groter doel as dit gehad. Die amptenaar en Jesus se moeder het albei dit verstaan en in geloof gereageer. Hoewel die amptenaar Jesus weer gevra het om sy seun te genees, het hy Jesus se opdrag gehoorsaam om huis toe te gaan. Hy het Jesus geglo en teruggekeer huis toe, al het hy nie gesien hoe Jesus sy seun genees nie.

Beide die tekens wat in Kana uitgevoer is, beklemtoon dat ons geloof in Jesus geloof vereis sonder om te sien. As ons reeds die uitkoms sou sien, was dit nie vir ons nodig om Hom ten volle hier en nou te vertrou nie. Geloof sou nie nodig wees nie. Om te glo dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**, verg baie geloof sonder om te sien. Nie een van ons vandag het Hom al gesien nie; ons glo op grond van die getuienis van ander, sowel dié wat in die Skrif opgeteken is as dié deur die geskiedenis heen. Hier maak Jesus dit vir ons duidelik dat Hy ons geloof baie op prys stel, veral geloof sonder om te sien.

**LEES**

*Week 2 • Vrydag*

*Johannes 5*

Hierna was daar weer ‘n fees van die Jode, en Jesus het daarvoor Jerusalem toe gegaan. 2 By die Skaappoort in Jerusalem was daar ‘n bad met die Hebreeuse naam Betesda. Dit het vyf pilaargange gehad, 3 waar daar baie gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en lammes. 5 Onder hulle was daar ‘n sekere man wat al ag en dertig jaar lank siek was. 6 Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was. Toe vra Hy vir hom: “Wil jy gesond word?”

7 Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in.”

8 Jesus sê toe vir hom: “Staan op, tel jou goed op en loop.”

9 Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop.

Dit was ‘n sabbatdag. 10 Die Jode sê toe vir die man wat genees is: “Dit is ‘n sabbatdag; jy mag nie jou goed dra nie.”

11 Maar hy antwoord hulle: “Die man wat my gesond gemaak het, het vir my gesê: Tel jou goed op en loop.”

12 Hulle vra hom toe: “Wie is die man wat vir jou gesê het: Tel jou goed op en loop?”

13 Die man wat gesond geword het, het egter nie geweet wie dit was nie, want Jesus het ongemerk weggegaan omdat daar ‘n klomp mense op die plek was.

14 Later kry Jesus hom in die tempel en sê vir hom: “Kyk, jy is nou gesond. Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.”

15 Die man het vir die Jode gaan vertel dat dit Jesus is wat hom gesond gemaak het. 16 Die Jode het toe teen Jesus te velde getrek omdat Hy dit op ‘n sabbatdag gedoen het. 17 Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.”

18 Hieroor het die Jode nog des te meer probeer om Jesus dood te maak: Hy het nie net die sabbatdag ontheilig nie, maar God ook sy eie Vader genoem en Hom so met God gelyk gestel. 19 Toe het Hy Hom verweer en vir hulle gesê: “Dít verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so. 20 Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen; en Hy sal Hom nog groter dade as hierdie wys, sodat julle verbaas sal staan. 21 Soos die Vader die dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil. 22 Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat. 23 Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader

**LEES**

*Week 2 • Vrydag*

eer. Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

24 “Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My
gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit
die dood na die lewe oorgegaan. 25 Ek verseker julle: Daar kom ‘n tyd, en dit
is nou, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en dié wat
daaraan gehoor gee, sal lewe. 26 Soos die Vader die lewe in Homself het, het Hy
die lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself te hê. 27 Hy het Hom ook
volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is. 28 Moenie
hieroor verbaas wees nie: daar kom ‘n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy
stem sal hoor 29 en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe,
en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word.”

30 “Uit my eie kan Ek niks doen nie: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor,
en my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek nastrewe nie, maar
die wil van Hom wat My gestuur het.

31 “As net Ek oor Myself getuig, is my getuienis nie geldig nie. 32 Daar is ook
Iemand anders wat oor My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy oor My
aflê, waar is.

33 “Julle het ‘n afvaardiging na Johannes toe gestuur, en wat hy getuig het,
is die waarheid. 34 Nie dat Ek op die getuienis van ‘n mens steun nie, maar
Ek noem dit sodat julle gered kan word. 35 Hy was die lamp wat gebrand en
geskyn het, en julle was gewillig om julle ‘n rukkie in sy lig te verheug.

36 “Maar Ek het getuienis wat nog gewigtiger is as dié van Johannes. Die werk
wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek nou juis besig is, lê
oor My getuienis af en bevestig dat die Vader My gestuur het. 37 En die Vader
wat My gestuur het, het ook oor My getuienis afgelê. Sy stem het julle nog
nooit gehoor nie en sy gestalte ook nie gesien nie. 38 En sy woord lewe nie
werklik in julle nie, omdat julle nie in die Een glo wat Hy gestuur het nie. 39
Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry.
En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. 40 Tog wil julle nie na My toe kom
sodat julle die lewe kan kry nie.

41 “Ek is nie gesteld op die eer wat mense bewys nie, 42 maar Ek ken julle en
Ek weet dat julle nie liefde vir God in julle het nie. 43 Ek het in die Naam van
my Vader gekom, en tog aanvaar julle My nie. As iemand anders in sy eie naam
kom, sal julle hom aanvaar. 44 Hoe kan julle ook in My glo terwyl julle gesteld
is op die eer wat julle van mekaar ontvang en nie die eer soek wat van die enigste
God af kom nie? 45 Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal aankla nie; dit
is Moses, op wie julle julle hoop gevestig het, wat vir julle aankla. 46 As julle
Moses geglo het, sou julle in My geglo het, want hy het van My geskrywe. 47
Maar as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?”

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 2 • VRYDAG

**SOAP /** *Johannes 5:24*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 2 • VRYDAG

### SOAP

*Johannes 5:24*

*"Dit verseker Ek julle; wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan."*

### OORDENKING

Die eerste gedeelte van die Johannes-Evangelie fokus op die getuienisse oor Jesus. Vanaf hoofstuk 5 fokus die res van die verhaal van Jesus se openbare bediening (Johannes 1:1–12:50) op Jesus as die Seun van God. Die derde teken, toe Jesus 'n verlamde man genees, begin Johannes se argument oor hoekom Jesus die Seun van God is.

Die reaksie van die Joodse leiers op hierdie wonderbaarlike genesing is net so belangrik soos die genesing self. Deur middel van sy reaksie aan die Joodse leiers het Jesus sy gesag oor drie dinge verduidelik: die reg om op die Sabbatdag te werk, die krag om lewe te gee en die reg om te oordeel. Jesus het sy gesag oor hierdie dinge getoon toe Hy die man genees het en Hy het sy gesag verduidelik aan diegene wat Hom ondervra het.

Jesus het groot deernis en sorg vir die verlamde man gehad. Daar was waarskynlik baie meer siekes en gestremdes by die bad, maar Jesus het hierdie man genees. Hy het hom op die Sabbatdag genees en vir die man gesê om sy mat op te tel en te loop (ook as werk beskou). 'n Algemene oortuiging was dat God op die Sabbatdag gewerk het en die skepping op die sewende dag onderhou het, al het Hy gerus van die werk van skep. Toe Jesus op die leiers gereageer het, het Hy sy optrede geregverdig deur te wys hoe Hy as die Seun van God doen wat die Vader doen. As die Vader op die Sabbatdag werk, dan doen die Seun dit ook. Met hierdie reaksie het Jesus sy gesag oor die Sabbat getoon.

Jesus het sy gesag en krag gebruik om lewe te gee. Hy het sy optrede verdedig deur vir die Joodse leiers te sê dat, op dieselfde manier wat die Vader die dooies opwek en lewe gee, so doen die Seun. En uiteindelik het Jesus sy gesag en reg om te oordeel, getoon. Net die Vader het die vermoë om sondes te vergewe, tog het Jesus die man beveel om nie meer te sondig nie. Jesus het voor die godsdienstige leiers verklaar dat Hy, as die Seun, dieselfde gesag het om te oordeel as die Vader en inderdaad, die Vader het alle oordeel aan die Seun opgedra.

In al hierdie dinge het Jesus gewys dat **Hy die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**. Hy het nie net beweer dat Hy gesag het oor die Sabbat, lewe en oordeel nie, maar Hy het hierdie dinge ook bewys. Jesus sê dan ook dat elkeen wat sy aansprake glo, die ewige lewe sal hê! Wat 'n geskenk! Al wat ons hoef te doen is om te glo dat Jesus is wie Hy sê Hy is en sy gratis gawe van verlossing te aanvaar deur ons volkome vertroue in Hom te plaas.

## OORDENKING

WEEK 2

1. *Glo jy dat Jesus die enigste weg na die ewige lewe is? Waarom of waarom nie?*

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

2. *Wat gebeur as ons in die Seun van God glo? Wat gebeur as ons die Seun van God verwerp?*

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

3. *Watter behoefte het jy wat slegs Jesus kan bevredig? Vertrou jy Hom om in hierdie behoefte te voorsien?*

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

4. *Waarom is dit belangrik om in Jesus en wie Hy is te glo, al het ons Hom nie gesien nie? Hoe is geloof en om te kan sien, verbind?*

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

5. *Hoe het Jesus se genesing van die verlamde man bewys dat Hy die Seun van God is?*

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….

…………………………………………………………………………………………….



*Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.*

*Johannes 6:35*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week fokus ons Skrifgedeeltes op 'n gedeelte in Johannes wat verduidelik hoe Jesus die Brood van die Lewe is. Lees Eksodus 3, 14 en 16 en skryf die ooreenskomste neer wat jy in hierdie hoofstukke vind met ons teksverse in Johannes oor hoe God beheer oor die natuur toon, spesifiek water en hoe Hy brood vir sy mense voorsien.*

**LEES**

*Week 3 • Maandag*

*Johannes 6:1-15*

Hierna het Jesus na die oorkant van die See van Galilea toe gegaan, wat ook die See van Tiberias genoem word. 2 'n Groot klomp mense het agter Hom aan gekom omdat hulle die wondertekens gesien het wat Hy aan die siekes gedoen het. 3 Jesus het toe teen die berg opgegaan en met sy dissipels daar gaan sit.

4 Die paasfees van die Jode was naby.

5 Toe Jesus rondkyk en sien dat 'n groot klomp mense na Hom toe aankom, sê Hy vir Filippus: "Waar kan ons brood gaan koop sodat die mense kan eet?"

6 Dit het Hy net gesê om hom op die proef te stel, want Hy het self goed geweet wat Hy gaan doen.

7 Filippus antwoord Hom toe: "Twee honderd mense se dagloon is nie eers genoeg om elkeen van hulle 'n stukkie brood te laat kry nie."

8 'n Ander dissipel, Andreas, die broer van Simon Petrus, sê toe vir Hom: 9 "Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies; maar wat is dit vir so baie mense?"

10 Toe sê Jesus: "Laat die mense gaan sit."

Daar was baie gras op daardie plek en die mense het gaan sit. Die mans alleen was omtrent vyf duisend. 11 Daarna het Jesus die brood geneem, God daarvoor gedank en dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit het, en net so ook soveel van die vis as wat hulle wou hê.

12 Nadat die mense versadig was, sê Hy vir sy dissipels: "Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat daar niks verlore gaan nie."

13 Hulle het dit toe bymekaargemaak. Daar was twaalf mandjies vol met die stukke wat van die vyf garsbrode oorgebly het nadat die mense klaar geëet het.

14 Toe die mense die wonderteken sien wat Jesus gedoen het, het hulle gesê: "Hy is werklik die Profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom."

15 Toe Jesus merk dat hulle Hom met geweld wil kom koning maak, het Hy verder die berg op gegaan, Hy alleen.

## SOAP

WEEK 3 • MAANDAG

**SOAP /** *Johannes 6:14*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 3 • MAANDAG

### SOAP

*Johannes 6:14*

*Toe die mense die wonderteken sien wat Jesus gedoen het, het hulle gesê: "Hy is werklik die Profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom."*

### OORDENKING

Die vierde wonderteken wat Johannes in sy Evangelie opgeteken het, is die voeding van die vyfduisend mense. Dit begin 'n gedeelte van die boek wat by sy slot verder bewys dat Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe. Op hierdie stadium was Jesus naby die See van Galilea (onthou, hierdie Evangelie is nie altyd 'n chronologiese weergawe nie). Hy was by sy dissipels en baie mense wat gehoor het van die wonderbaarlike dinge wat Hy gedoen het, het hulle teen die berghang gevolg.

Die Evangelie van Johannes sluit slegs sewe wonderwerke van Jesus in (nie insluitende die opstanding nie). Elkeen is vir 'n spesifieke doel gekies. Hierdie teken, om brood vir die menigtes te voorsien, is bedoel om alles voor te berei vir Jesus se eerste aanspraak oor Homself. Die betekenis en belang van hierdie teken word 'n bietjie later in Johannes se Evangelie opgeneem.

Hierdie mense het gekom om 'n wonderteken te sien. Sommige was volgelinge van Jesus, sommige was twyfelaars en sommige was politieke aktiviste wat Hom koning wou maak. Maar Jesus het kennis geneem van hulle onmiddellike nood. Hy het kos voorsien vir duisende mense (sommige geleerdes glo dit was ongeveer twintig-duisend mense) uit twee visse en vyf brode.

Nadat die mense geëet en versadig was, het hulle die wonderteken wat Jesus gedoen het, erken. Hulle het ingesien wat Hy gedoen het en dat Hy gesag het. Die mense het geglo dat Hy 'n profeet is, en erken dat sy wonderbaarlike voorsiening soortgelyk was aan die manier waarop Elisa voedsel voorsien het vir die honger en behoeftiges (2 Konings 4:1–7; 4:42–44). Wanneer ons na hierdie teks kyk, sien ons ook ooreenkomste tussen die manier waarop Jesus brood aan die mense voorsien het en die manier waarop God manna vir sy volk in die woestyn voorsien het (Eksodus 16).

Die erkenning van Jesus as 'n profeet toon die geloof van die mense. Hulle het erken dat Jesus gesag en mag gehad het en die Een was wat beloof is. Hulle was egter verward oor die manier waarop Jesus bedoel was om te kom. Baie wou Hom met geweld koning maak, wat hul gebrek aan begrip van die Skrif sowel as hul gebrek aan geloof toon. Sonder 'n volle begrip van wie Jesus was, kon hulle nie ten volle verstaan dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe** nie.

**LEES**

*Week 3 • Dinsdag*

*Johannes 6:16-24*

Toe dit aand word, het Jesus se dissipels na die see toe gegaan, 17 in 'n skuit geklim en weggevaar na Kapernaum toe, oorkant die see. Dit was al donker en Jesus was nog steeds nie by hulle terug nie. 18 Daarby het die see onstuimig geword, omdat daar 'n sterk wind gewaai het. 19 Toe hulle sowat vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Jesus op die see loop en naby die skuit kom, en hulle het bang geword. 20 Maar Hy sê vir hulle: "Dit is Ek; moenie bang wees nie."

21 Hulle was toe gewillig om Hom in die skuit te neem, en daarna het die skuit by die land aangekom waarheen hulle op pad was.

22 Die mense wat oorkant die see was, het gesien dat daar net een skuitjie is en geweet dat Jesus nie saam met sy dissipels in die skuit geklim het nie, maar dat hulle alleen weggevaar het. Die volgende dag 23 kom daar toe ander skuitjies van Tiberias af aan naby die plek waar die mense die brood geëet het nadat die Here daarvoor gedank het. 24 Toe die mense sien dat Jesus nie daar is nie en sy dissipels ook nie, het hulle in die skuitjies geklim en na Kapernaum toe gevaar op soek na Jesus.

# SOAP

WEEK 3 • DINSDAG

**SOAP** / *Johannes 6:19–20*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 3 • DINSDAG

### SOAP

*Johannes 6:19–20*

*Toe hulle so vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Jesus op die see loop en naby die skuit kom, en hulle het bang geword. Maar Hy sê vir hulle: "Dit is Ek, moenie bang wees nie."*

### OORDENKING

In gister se skrifgedeelte het ons ooreenkomste opgemerk tussen die manier waarop God manna vir sy mense in die woestyn voorsien het en hoe Jesus brood voorsien het vir diegene wat Hom volg. Vandag sal ons nog 'n ooreenkoms met die Eksodus-verhaal sien, wat wys hoe Jesus op dieselfde manier beheer het oor water as wat God beheer gehad het oor die water van die Rooi See in Eksodus 14.

In die antieke wêreld was die see 'n groot onbekende. Mense het nie die gereedskap gehad om waterdiepte te meet soos ons nou het nie en ook nie die kwaliteit en betroubaarheid van seevaartuie nie. Die See van Galilea word omring deur heuwels, wat dikwels veroorsaak dat storms dwarrel en op lae area van die see gevestig word. Selfs vandag word motoraangedrewe bote aangeraai om aan wal te bly wanneer storms opkom. Die dissipels was bang vir die see en het vasgevang in 'n storm, in 'n hout-, nie-motoraangedrewe boot gesit. Natuurlik was hulle bang.

Toe Jesus hulle tydens die storm nader, het hulle Hom nie herken nie. Hy het op die meer geloop, iets wat hulle nog nooit gesien het nie. Jesus het sy mag en gesag oor die natuur gewys terwyl Hy op die see na die boot toe geloop het. Hy het sy dissipels genader, hulle getroos en gesê: "Moenie bang wees nie." Dadelik het die boot veilig die land bereik. Slegs God Self kon op hierdie manier gesag oor die natuur hê, en in sy optrede het Jesus weereens geopenbaar wie Hy is.

Johannes gebruik hierdie twee tekens om sy lesers te verbind met die wonderbaarlike gebeure rondom die verlossing van God se volk uit Egipte. Sodoende wys hy hoe Jesus dieselfde mag het as God die Vader oor die natuur, om kos te voorsien en om die see te beheer.

God het sy mag en gesag oor die skepping, spesifiek water, gewys toe Hy die Rooi See vir die Israeliete geskei en dit vir die Egiptenare gesluit het. En God het brood aan sy volk in die woestyn voorsien, voorsiening gemaak vir hulle om te lewe deur elke dag manna aan hulle te gee.

Johannes stel sy verhaal op in omgekeerde volgorde en begin eers met die voorsiening van brood toe Jesus die vyf-duisend gevoed het. Daarna het Johannes Jesus se gesag oor water gewys toe Jesus in die middel van die storm op die see geloop het. Hierdie tekens is spesifiek gekies om aan Johannes se gehoor te bewys dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**.

**LEES**

*Week 3 • Woensdag*

*Johannes 6:25-58*

En toe hulle Hom oorkant die see kry, vra hulle vir Hom: "Rabbi, wanneer het u hierheen gekom?"

26 Jesus antwoord hulle: "Dít verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het. 27 Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen."

28 Hulle vra Hom toe: "Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?"

29 En Jesus antwoord hulle: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het."

30 Hulle sê toe vir Hom: "Watter wonderteken kan u doen sodat ons dit kan sien en in u kan glo? Wat gaan u doen? 31 Ons voorouers het manna in die woestyn geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het aan hulle brood uit die hemel gegee om te eet."

32 Jesus het hulle geantwoord: "Dít verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir julle die ware brood uit die hemel gee. 33 Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee."

34 Hulle sê toe vir Hom: "Meneer, gee ons tog altyd hierdie brood."

35 Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie. 36 Maar wat julle betref, Ek het reeds gesê: Julle sien My, en tog glo julle nie in My nie.

37 "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie. 38 Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. 39 En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan. 40 Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan."

**LEES**

*Week 3 • Woensdag*

41 Die Jode het gemor omdat Hy gesê het: "Ek is die brood wat uit die hemel gekom het." 42 Hulle het gesê: "Is dit nie Jesus die seun van Josef nie? Ons ken mos sy pa en ma. Hoe kan hy nou sê: Ek kom uit die hemel?"

43 Jesus sê toe vir hulle: "Moenie so onder mekaar mor nie. 44 Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. 45 By een van die profete staan daar geskrywe: 'En hulle sal almal mense wees wat deur God geleer is.' Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer het, kom na My toe. 46 Dit wil nie sê dat iemand anders al die Vader gesien het nie; net Hy wat van God af kom, Hy het die Vader gesien.

47 "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe.

48 Ek is die brood wat lewe gee. 49 Julle voorouers het in die woestyn manna geëet en tog gesterwe. 50 Maar hier is die brood wat uit die hemel kom sodat 'n mens daarvan kan eet en nie sterwe nie. 51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe."

52 Die Jode het toe onder mekaar begin stry en gesê: "Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet?"

53 Maar Jesus sê vir hulle: "Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. 54 Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. 55 My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank. 56 Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. 57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.

58 Hierdie brood wat uit die hemel gekom het, is nie soos die manna wat julle voorouers geëet het nie. Hulle het dit geëet en tog gesterwe. Wie hierdie brood eet, sal ewig lewe."

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 3 • WOENSDAG

**SOAP /** *Johannes 6:35*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 3 • WOENSDAG

## SOAP

*Johannes 6:35*

*Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie."*

## OORDENKING

Nadat Jesus die skare gevoed en in die middel van 'n storm op water geloop het, het Hy en sy dissipels in Kapernaum, aan die noordekant van die meer, aangekom. Die skare het Jesus gesoek nadat Hy hulle die vorige dag kos gegee het. Hulle motiewe was egter verkeerd en hulle het begrip kortgekom.

Hulle het 'n teken van Jesus gevra, iets wat sou bewys dat Hy geloofwaardig is, iets soos die manier waarop God manna aan hulle voorouers voorsien het. Die mense het Jesus 'n wonderteken sien doen—deur brood uit die hemel te voorsien—en tog het hulle steeds nie geglo nie. Jesus het verduidelik wie Hy is, hoe Hy die weg na die ewige lewe is, maar die mense het nie geglo nie.

Jesus het reeds vir hulle 'n teken gegee. Pleks daarvan om vir hulle nog 'n teken te gee, het Jesus vir hulle gesê wie Hy is. "**Ek is die brood van die lewe**." Dit is die eerste van sewe uitsprake in die Evangelie van Johannes wat Jesus oor Homself gemaak het.

Jesus is die ware brood uit die hemel, die ware bron van die lewe. God het manna voorsien om die Israeliete in die woestyn aan die lewe te hou toe hulle niks gehad het om te eet nie. Dit was brood wat uit die hemel gekom het, brood wat bedoel was om die volk aan die lewe te hou. Tog het almal wat manna in die woestyn geëet het, uiteindelik gesterf. Jesus is anders. Hy is die ware Brood uit die hemel. Hy alleen is die lewe. As ons in Jesus glo, kry ons die lewe. Hy is al wat ons nodig het. God het Jesus gestuur om vir ons 'n weg na die lewe te voorsien. As ons in Hom glo, sal ons nooit sterf nie.

Hierdie lering was moeilik vir die Jode om te snap. Hulle het met Hom geargumenteer want hulle begrip was beperk. Hulle het aangeneem dat Hy die letterlike eet van sy liggaam en drink van sy bloed ('n praktyk van nabygeleë heidennasies) bedoel het. Johannes laat ons met onbeantwoorde vrae; ons bly maar hoop dat hy hierdie moeilike lering gaan verduidelik. Meer van hierdie vrae sal tydens Jesus se laaste lering aan sy dissipels beantwoord word, maar die ongelowige skare het nie verdere verduidelikings gekry nie.

Die vierledige gesprek oor die Brood van die Lewe is nog nie klaar nie. Ons sal die gevolgtrekking in môre se Skrifgedeelte sien wanneer ons na die skare en die dissipels se reaksie kyk. Vereers kan ons rus in die waarheid dat Jesus ons uitnemendste voorsiening, ons Brood van die Lewe is.

**LEES**

*Week 3 • Donderdag*

*Johannes 6:59-71*

Dit het Jesus gesê toe Hy die mense in die sinagoge in Kapernaum geleer het.

60 Toe hulle dit hoor, het baie van Jesus se dissipels gesê: "Wat Hy nou sê, is darem te erg. Wie kan daaraan gehoor gee?"

61 Jesus het vanself geweet dat sy dissipels hieroor mor, en Hy sê vir hulle: "Skrik dit julle af? 62 Wat dan nog as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar Hy voorheen was? 63 Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe. 64 Maar daar is party van julle wat nie in My glo nie."

Jesus het immers van die begin af geweet wie dit is wat nie glo nie, en wie dit is wat Hom sou verraai.

65 Verder het Hy gesê: "Daarom het Ek vir julle gesê niemand kan na My toe kom as die Vader dit nie aan hom gegee het nie."

66 Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie. 67 Toe vra Jesus vir die twaalf: "Wil julle nie ook weggaan nie?"

68 Simon Petrus het Hom geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. 69 En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is."

70 Jesus het daarop vir hulle gesê: "Het Ek nie self julle twaalf uitgekies nie? En een van julle is 'n duiwel!"

71 Hy het Judas die seun van Simon Iskariot bedoel, want hy sou Hom verraai, hy wat een van die twaalf was.

## SOAP

WEEK 3 • DONDERDAG

**SOAP /** *Johannes 6:68–69*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 3 • DONDERDAG

### SOAP

*Johannes 6:68–69*

*Simon Petrus het Hom geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is."*

### OORDENKING

Noudat ons amper die halfpadmerk in ons studie van die Johannes-evangelie bereik het, kom ons voor 'n beslissende vraag te staan: Gaan ons Jesus verlaat wanneer sy lering te moeilik raak? Op hierdie punt in Johannes se Evangelie het ons Jesus vyf wondertekens sien doen. Hy het water in wyn verander, Hy het 'n amptenaar se seun genees, Hy het 'n verlamde man genees, Hy het meer as vyfduisend mense gevoed, en Hy het op water geloop. Ons het baie getuienisse oor Jesus gehoor, van Johannes die Doper tot sy eerste dissipels tot 'n Samaritaanse vrou.

Jesus het so pas sy eerste uitspraak oor Homself gemaak. Hy het gesê: "Ek is die brood van die lewe." Hy het geleer dat Hy die enigste weg na die ewige lewe is, en dat elkeen wat in Hom glo, hierdie lewe sal hê. Baie het egter nie verstaan nie. Baie in die skare het met Hom geargumenteer en vyandig geraak. Boonop het baie van sy dissipels gedink hierdie lering is te moeilik en hulle het ook weggegaan.

Uiteindelik het Jesus vir sy twaalf dissipels, dié wat die naaste aan Hom was, gevra of hulle Hom ook as gevolg van sy lering wil verlaat. Petrus het in geloof gereageer. Al was die lering moeilik, het die twaalf gebly omdat hulle geglo het **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**.

Petrus se belydenis is 'n draaipunt in die vertelling. Tot op hierdie punt in Jesus se openbare bediening is Hy meestal aanvaar. Met die uitsondering van 'n paar meningsverskille met godsdiensleiers, het die mense na Jesus gestroom omdat hulle gehoor het van die tekens en wonderwerke wat Hy gedoen het. Hy het siekes gesond gemaak en kos voorsien. Van hier af sien ons egter 'n verskuiwing. Die skare en godsdiensleiers raak al meer vyandiggesind teenoor Jesus en verwerp Hom oor sy uitsprake. Hulle geloof was vlak. Hulle het Hom liefgehad terwyl Hy wonderwerke gedoen het, maar toe hulle sy lering nie verstaan nie, het hulle Hom verlaat.

Ware geloof vereis volharding en toewyding. Ware geloof vereis nie net geloof nie, maar gehoorsaamheid. Petrus en die elf ander dissipels het dit verstaan. Verstaan ons? Mag ons werklik terwyl ons hierdie deel van die Skrif bestudeer, met hierdie vraag worstel: Gaan ons Jesus verlaat as sy lering te moeilik is, of gaan ons by Hom bly omdat ons glo dat slegs Hy die woorde van die ewige lewe het?

**LEES**

*Week 3 • Vrydag*

*Johannes 7:1-52*

Hierna het Jesus in Galilea rondgegaan. In Judea wou Hy dit nie doen nie, omdat die Jode daar Hom wou doodmaak. 2 Maar die huttefees van die Jode was naby. 3 Jesus se broers sê toe vir Hom: "Gaan 'n bietjie hiervandaan na Judea toe dat jou dissipels daar ook die wonderdade kan sien wat jy doen. 4 'n Mens wat oral bekend wil wees, doen nie iets in die geheim nie. Aangesien jy dan hierdie dinge doen, maak jou openlik aan die wêreld bekend."

5 Selfs sy broers het nie in Hom geglo nie.

6 Jesus sê toe vir hulle: "Vir My het die tyd nog nie gekom nie, maar vir julle is enige tyd reg. 7 Die wêreld kan vir julle nie haat nie; maar hy haat My, omdat Ek openlik verklaar dat sy dade sleg is. 8 Gaan julle maar fees toe. Ek gaan nie na hierdie fees toe nie, omdat die tyd vir My nog nie reg is nie."

9 Dit het Hy vir hulle gesê, en Hy het daar in Galilea gebly.

10 Nadat Jesus se broers na die huttefees toe vertrek het, het Hy self tog ook gegaan, nie openlik nie maar onopvallend. 11 Die Jode het toe by die fees na Hom gesoek en gevra: "Waar is hy?"

12 Onder die feesmenigte is daar baie oor Hom gefluister. Party mense het gesê: "Hy is 'n goeie man." Maar ander het gesê: "Nee, hy mislei die mense." 13 Tog het niemand openlik oor Hom gepraat nie, omdat hulle bang was vir die Jode.

14 Toe die feestyd al halfpad verby was, het Jesus na die tempel toe gegaan en die mense daar geleer. 15 Die Jode was verbaas en het gesê: "Waar kom hy aan die geleerdheid? Hy het dan geen opleiding gehad nie!"

16 Jesus het vir hulle gesê: "Wat Ek die mense leer, kom nie van Myself af nie, maar van Hom wat My gestuur het. 17 As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit my eie praat. 18 Wie uit sy eie praat, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, is geloofwaardig, en daar is niks oneerliks in Hom nie. 19 Het Moses nie die wet vir julle gegee nie? En tog hou nie een van julle die wet

**LEES**

*Week 3 • Vrydag*

nie. Waarom wil julle My dan doodmaak?"

20 "Jy is van die duiwel besete!" het die mense uitgeroep. "Wie wil jou doodmaak?"

21 Jesus het toe verder vir hulle gesê: "Julle is almal ontsteld oor een ding wat Ek gedoen het. 22 Omdat Moses die besnydenis vir julle gegee het – en eintlik kom dit nie eens van Moses af nie, maar van die aartsvaders – besny julle ook op 'n sabbatdag. 23 As iemand op 'n sabbatdag die besnydenis mag ontvang om nie die wet van Moses te verbreek nie, waarom is julle dan vir My kwaad omdat Ek op 'n sabbatdag iemand se hele liggaam gesond gemaak het? 24 Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig."

25 Intussen het party van die inwoners van Jerusalem gesê: "Is dit nie die man vir wie hulle wil doodmaak nie? 26 En hier praat hy nou in die openbaar, en hulle sê niks teen hom nie. Het die lede van die Joodse Raad miskien werklik tot die oortuiging gekom dat hy die Christus is? 27 Ons weet tog waar hierdie man vandaan kom; maar wanneer die Christus kom, sal niemand weet waar Hý vandaan kom nie."

28 Terwyl Jesus die mense in die tempel leer, het Hy uitgeroep: "Ja, julle ken My, en julle weet ook waar Ek vandaan kom. En tog het Ek nie uit my eie gekom nie, maar dit is die ware God wat My gestuur het, en vir Hom ken julle nie. 29 Ek ken Hom, omdat Ek van Hom af kom en Hy My gestuur het."

30 Hulle wou Hom toe gevange neem, en tog het niemand dit gedoen nie, omdat sy tyd nog nie gekom het nie. 31 Maar baie van die mense het tot geloof in Hom gekom en het gesê: "Wanneer die Christus kom, sal Hy tog seker nie meer wondertekens doen as wat hierdie man gedoen het nie?"

32 Die Fariseërs het gehoor wat die mense oor Hom fluister, en hulle en die priesterhoofde het wagte gestuur om Hom gevange te neem. 33 Jesus sê toe: "Nog net 'n kort tydjie is Ek by julle, en dan gaan Ek terug na Hom toe wat My gestuur het. 34 Julle sal My soek en My nie kry nie, want waar Ek dan is, kan julle nie kom nie."

35 Toe sê die Jode vir mekaar: "Waarheen sou hy van plan wees om te gaan dat ons hom nie sal kry nie? Hy is tog nie van plan om na die Griekssprekende Jode in die buiteland te gaan en die Grieke daar te

**LEES**

*Week 3 • Vrydag*

leer nie? 36 Wat bedoel hy met die woorde: Julle sal My soek en My nie kry nie, want waar Ek dan is, kan julle nie kom nie?"

37 Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! 38 Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."

39 Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie.

40 Party van die mense wat hierdie woorde gehoor het, het gesê: "Hy is werklik die Profeet."

41 Party het gesê: "Hy is die Christus."

Maar party het gesê: "Die Christus kom tog nie uit Galilea nie? 42 Die Skrif sê mos die Christus kom uit die nageslag van Dawid en uit Betlehem, die dorp waar Dawid was."

43 Daar het toe verdeeldheid oor Hom onder die mense gekom. 44 Party van hulle wou Hom gevange neem, maar niemand het dit gedoen nie.

45 Daarna het die wagte na die priesterhoofde en die Fariseërs toe teruggegaan, en dié het vir hulle gevra:

"Waarom het julle hom nie gebring nie?"

46 Die wagte het geantwoord: "Nog nooit het iemand gepraat soos hierdie man nie."

47 Die Fariseërs sê toe vir hulle: "Is julle tog nie ook mislei nie? 48 Het een van die lede van die Joodse Raad miskien in hom geglo, of een van die Fariseërs? 49 Nee, dit is net hierdie vervloekte klomp mense wat nie ons wet ken nie!"

50 Nikodemus, wat voorheen na Jesus toe gekom het en wat een van hulle was, sê toe vir hulle: 51 "Volgens ons wet kan ons mos nie sommer iemand veroordeel sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie."

52 Hulle sê toe vir hom: "Jy kom tog nie ook van Galilea af nie? Ondersoek die Skrif en jy sal sien dat God niemand wat uit Galilea kom, as profeet roep nie."

**SOAP**

WEEK 3 • VRYDAG

SOAP / *Johannes 7:28–29*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 3 • VRYDAG

### SOAP

*Johannes 7:28–29*

*Terwyl Jesus die mense in die tempel leer, het Hy uitgeroep: "Ja, julle ken My, en julle weet ook waar Ek vandaan kom. En tog het Ek nie uit my eie gekom nie, maar dit is die ware God wat My gestuur het, en vir Hom ken julle nie. Ek ken Hom, omdat Ek van Hom af kom en Hy My gestuur het."*

### OORDENKING

Die Huttefees (sommige vertalings sê "Fees van Tabernakels" of "Loofhuttefees") was 'n viering van verlossing. Dit was 'n tyd toe die Joodse volk die Uittog uit Egipte sowel as hulle terugkeer uit ballingskap in Babilon herdenk het. Hulle het die magtige dade wat God gedoen het om hulle van hulle vyande, uit slawerny en ballingskap te verlos, onthou. Hulle het ook uitgesien na die koms van 'n verlosser. Terwyl baie verwag het dat die komende Messias hulle van die onderdrukking deur hulle vyande sou verlos en as koning sou regeer, het hulle nie besef dat die Messias hulle eers van sonde en dood sou kom verlos nie.

Jesus het in die geheim na die fees toe gegaan, en toe dit verby was, het Hy in die tempelhowe begin preek. Die skare het nie sy leer verstaan nie en wou Hom aan die owerhede uitlewer. Hulle het geweet net die Messias kon daarop aanspraak maak dat Hy van God af is, en hulle het geweet Jesus het in Nasaret grootgeword. Hy was van Galilea, en die Messias was veronderstel om van Betlehem afkomstig te wees. Hoe kon hierdie gewone man beweer dat Hy van God af is, dat Hy God ken en die woorde van God spreek?

Jesus se uitsprake is waar. Hy is die Gestuurde van God. Net Hy ken God en Hy het God bekend kom maak. God het Hom gestuur en Hy spreek net die woorde van God. Al was daar goed wat die skare (Jesus se broers inkluis) omtrent Jesus geweet het, het hulle Hom nie geken nie omdat hulle Hom nie geglo het nie.

Jesus is nie net 'n goeie man nie—Hy is die God-man. Hy is volledig God en volledig mens; sy natuur kan nie geskei word nie. Hy is die Messias, die Christus, die verlosser van die wêreld. Ongeag wat die wêreld van Jesus sê, hierdie dinge verander nooit. **Hy is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**.

Net soos die skare, kan dit maklik wees om te dink ons ken Jesus omdat ons dinge omtrent Hom gehoor het. Ons kon gehoor het dat Hy 'n profeet, 'n goeie mens, medemenslik of selfs 'n man is wat deur God gekies is om 'n boodskap oor te dra. Daar is 'n verskil tussen om Jesus te ken en in Jesus te glo. As ons glo Hy is die Seun van God, glo ons dat sy sterwe in ons plek om die prys vir ons sonde te betaal, genoeg was. Ons glo dat sy offer ons saak met God reg maak en dat Hy lewend is, deur God se krag weer lewendig gemaak en dat Hy weer gaan kom. As ons ewig saam met Hom wil lewe, moet ons ons geloof in Hom en in Hom alleen plaas.

## OORDENKING
### WEEK 3

1. *Waarom is die voeding van die menigtes beduidend? Wat wys hierdie teken ons oor wie Jesus is?*

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

2. *Hoe is Jesus se godheid geopenbaar toe Hy op water geloop het? Hoe bemoedig hierdie verhaal jou vandag?*

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

3. *Wat het Jesus bedoel toe Hy sê dat Hy die Brood van die Lewe is? Hoe beïnvloed dit jou lewe vandag?*

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

4. *Baie mense het Jesus verlaat omdat hulle nie gehou het van wat Hy geleer het nie. Het jy al ooit so gevoel? Wat weerhou jou daarvan om van jou geloof af weg te draai wanneer jy moeilike leer in die Skrif vind?*

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

5. *Wat glo jy van Jesus? Het jy geloof as gevolg van dinge wat jy van die wêreld gehoor het, of van God? Hoe kan jy die verskil ken? Hoe kan jy seker wees dat wat jy glo, waar is?*

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................

   ......................................................................................................



*Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?" "Ja, Here," sê sy vir Hom, "ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom."*

*Johannes 11:25-27*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Dit is 'n belangrike week in ons studie van Johannes se Evangelie! Ons sal vier van Jesus se aansprake oor Homself bestudeer en die laaste twee wonderwerke sien wat Hy uitvoer. Terwyl jy hierdie wonderwerke en bewerings bestudeer, skryf neer wat elkeen jou oor Jesus leer en hoe hierdie aansprake en wonderwerke jou lewe en jou geloof vandag beïnvloed.*

**LEES**

*Week 4 • Maandag*

*Johannes 7:53-8:59*

Hierna is hulle elkeen na sy huis toe, 1 maar Jesus het na die Olyfberg toe gegaan. 2 Die volgende môre vroeg was Hy weer in die tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en hulle geleer.

3 Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. 4 Hulle het vir Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het. 5 Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat sê u?"

6 Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe. 7 Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi."

8 Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. 9 Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense. 10 Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: "Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?"

11 "Niemand nie, Here," sê sy.

Toe sê Jesus: "Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie."

12 Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

13 Die Fariseërs sê toe vir Hom: "Jy getuig oor jouself; jou getuienis is dus nie geldig nie."

14 Daarop sê Jesus vir hulle: "Al getuig Ek ook oor Myself, is my getuienis geldig, omdat Ek weet waar Ek vandaan gekom het en waarheen Ek teruggaan. Maar julle weet nie waar Ek vandaan kom of waarheen Ek gaan nie. 15 Julle oordeel oor iemand volgens sy uiterlike; Ek oordeel oor niemand nie. 16 En as Ek oor iemand oordeel, is my oordeel reg, omdat dit nie Ek alleen is nie, maar Ek en die Vader wat My gestuur het. 17 In julle wet staan daar geskrywe dat die getuienis van twee persone geldig is. 18 Nou ja, oor My getuig Ek self én die Vader wat My gestuur het."

19 Toe vra hulle vir Hom: "En waar is die vader van jou?"

Jesus het geantwoord: "Julle ken My nie en ook nie my Vader nie. As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het."

20 Hierdie dinge het Hy gesê in die vertrek waar die offergawekiste gestaan het.

## LEES
*Week 4 • Maandag*

Hy was toe besig om die mense in die tempel te leer. En tog het niemand Hom gevange geneem nie, omdat sy tyd nog nie gekom het nie.

21 Verder het Jesus vir hulle gesê: "Ek gaan weg, en julle sal My soek, maar julle sal in julle sonde sterwe. Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie."

22 Die Jode het toe gesê: "Gaan hy dalk selfmoord pleeg, dat hy sê: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie?"

23 Toe sê Hy vir hulle: "Julle is van hier onder; Ek is van daar bo. Julle behoort
tot hierdie wêreld; Ek behoort nie tot hierdie wêreld nie. 24 Daarom het Ek vir
julle gesê julle sal in julle sondes sterwe, want as julle nie glo dat Ek is wat Ek is nie, sal julle in julle sondes sterwe."

25 Hulle vra Hom toe: "Wie is jy?"

Jesus het hulle geantwoord: "Waarom praat Ek eintlik nog met julle?

26 Ek kan baie dinge oor julle sê en 'n oordeel oor julle uitspreek; maar Hy wat My gestuur het, is geloofwaardig, en net wat Ek by Hom gehoor het, sê Ek vir die wêreld."

27 Hulle het nie begryp dat Hy met hulle van die Vader gepraat het nie.

28 Daarna sê Jesus vir hulle: "Eers wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, sal julle begryp dat Ek is wat Ek is, en dat Ek niks uit my eie doen
nie, maar net verkondig wat die Vader My geleer het. 29 Hy wat My gestuur het,
is by My. Hy het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hy wil."

30 Terwyl Hy hierdie dinge gesê het, het daar baie mense tot geloof in Hom gekom.

31 Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: "As julle aan my woorde getrou bly,
is julle waarlik my dissipels; 32 en julle sal die waarheid ken, en die waarheid
sal julle vrymaak."

33 Hulle het Hom geantwoord: "Ons is die nageslag van Abraham en was nog nooit iemand se slawe nie. Hoe kan jy sê: 'Julle sal vry word'?"

34 Jesus sê toe vir hulle: "Dít verseker Ek julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n
slaaf van die sonde. 35 'n Slaaf bly nie vir altyd by 'n huisgesin nie; 'n seun bly
vir altyd. 36 Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werklik vry wees. 37 Ek
weet julle is die nageslag van Abraham. Maar julle wil My doodmaak omdat my
woorde nie ingang by julle vind nie. 38 Ek praat oor wat Ek by my Vader gesien
het; en julle doen wat julle by julle vader gehoor het."

39 Hulle het vir Hom gesê: "Ons vader is Abraham."

Daarop sê Jesus vir hulle: "As julle kinders van Abraham was, sou julle doen
wat Abraham gedoen het. 40 Maar nou wil julle My doodmaak, vir My wat die
waarheid wat Ek by God gehoor het, aan julle verkondig. Dít is nie wat Abraham

**LEES**

*Week 4 • Maandag*

gedoen het nie. 41 Julle doen wat julle vader gedoen het."

Hulle sê toe vir Hom: "Ons is nie uit owerspel gebore nie. Ons het net die een Vader, naamlik God."

42 Maar Jesus sê vir hulle: "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie, maar Hý het My gestuur. 43 Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my boodskap nie kán verstaan nie!

44 Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen. 45 En omdat Ek die waarheid praat, glo julle nie in My nie. 46 Wie van julle kan sonde by My aanwys? As Ek dan die waarheid praat, waarom glo julle nie in My nie? 47 Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God. Juis daarom luister julle nie, omdat julle nie kinders van God is nie."

48 Die Jode het toe vir Hom gesê: "Ons het mos gesê jy is 'n Samaritaan en van die duiwel besete!"

49 Jesus het geantwoord: "Ek is nie van die duiwel besete nie, maar Ek eer my Vader, en julle doen My oneer aan. 50 Ek soek egter nie na eer vir Myself nie; daar is Een wat eer vir My soek, en Hy is regter. 51 Dít verseker Ek julle: As iemand my woorde ter harte neem, sal hy in alle ewigheid nooit sterwe nie."

52 Die Jode sê toe vir Hom: "Nou is ons seker dat jy van die duiwel besete is. Abraham het gesterwe en die profete ook, en tog sê jy: 'As iemand my woorde ter harte neem, sal hy in alle ewigheid nooit sterwe nie.' 53 Jy is tog nie groter as ons voorvader Abraham wat gesterf het nie? En die profete het gesterwe. Wie verbeel jy jou is jy?"

54 Maar Jesus antwoord: "As Ek Myself verheerlik, beteken my heerlikheid niks. Dit is my Vader wat My verheerlik. Julle sê: 'Hy is ons God,' 55 en tog ken julle Hom nie. Maar Ek ken Hom. As Ek sê Ek ken Hom nie, sal Ek net soos julle 'n leuenaar wees. Maar Ek ken Hom, en Ek neem sy woorde ter harte. 56 Abraham, julle voorvader, het hom daaroor verheug dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly."

57 Die Jode sê toe vir Hom: "Jy is nog nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir Abraham gesien?"

58 Jesus het hulle geantwoord: "Dít verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is."

59 Hulle het toe klippe opgetel om Hom daarmee te gooi. Maar Jesus het gaan skuil en van die tempel af weggegaan.

## SOAP

WEEK 4 • MAANDAG

**SOAP /** *Johannes 8:12*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 4 • MAANDAG

### SOAP

*Johannes 8:12*

*Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."*

### OORDENKING

Heel aan die begin van die Johannes-evangelie kry ons 'n kykie op die toneel waarvan ons vandag lees. Johannes het die Woord voorgestel en Hom "die lig vir die mense" genoem (Johannes 1:4). Johannes vertel vir ons die Lig "skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie" (Johannes 1:5). In vandag se Skriflesing verklaar Jesus aan die wêreld dat Hy die Lig is.

Soos ons genoem het, is Johannes se Evangelie nie 'n hervertelling van die gebeure in Jesus se bediening nie, dit is 'n weldeurdagte argument wat verduidelik waarom Jesus die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe is. In die toneel waarvan ons vandag lees, spreek Jesus op die laaste dag van die Huttefees die skare en godsdiensleiers toe.

Op die afsluitingsdag van die fees is kerse seremonieel in die buitehof van die tempel aangesteek. Dit was 'n herinnering aan hoe God as 'n vuurkolom die Israeliete in die wildernis gelei het. Hy het lig in die duisternis voorsien, sodat hulle kon sien waarheen hulle moes gaan (Eksodus 13:21-22). Die mense sou God dan aanbid en hulle aan Hom, die God van Lig, hertoewy.

In die middel van dié dag waarop die God van die Uittog en die Lig wat sy mense uit die duisternis gelei het, vereer is, het Jesus verklaar: "**Ek is die lig vir die wêreld!** Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

Die Fariseërs het teen Jesus beswaar gemaak en ontken dat Hy enige gesag het om Homself as die Lig te verklaar. Maar Jesus het. Hy is die Een wat die duisternis verlig, en die weg na verlossing en die ewige lewe voorsien. Toe Jesus hierdie uitspraak naby die tempel gemaak het, het Hy verklaar dat die lig nie meer van die tempel sou kom nie, maar van Hom, die Heilige van God.

Johannes het Jesus se uitspraak oor Homself gebruik om weer vir sy lesers te wys hoe Jesus die God van verlossing is. Toe Jesus daarop aanspraak gemaak het dat Hy die Brood van die Lewe is, het dit die Jode herinner aan die manier waarop God manna in die wildernis voorsien het. Toe Jesus beweer het dat Hy die Lig vir die Wêreld is, het Hy weer eens die mense herinner aan die manier waarop God sy volk uit slawerny verlos en in hulle behoeftes voorsien het. Hy is die Een wat uit die duisternis lei selfs as ons nie besef in watter duisternis ons verkeer nie. Hy is die Lig, Lewe, wat nooit deur die duisternis en boosheid oorweldig word nie, maar dit in plaas daarvan oorwin sodat ons die ewige lewe met Hom kan hê.

**LEES**

*Week 4 • Dinsdag*

*Johannes 9*

Terwyl Jesus wegstap, sien Hy 'n man wat van sy geboorte af blind
was. 2 Sy dissipels vra Hom toe: "Rabbi, deur wie se sonde is dit dat
hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?"

3 En Jesus antwoord: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie
deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen,
in hom gesien sal kan word. 4 So lank as dit nog dag is, moet ons
die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom, wanneer
niemand kan werk nie. 5 Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir
die wêreld."

6 Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die
spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë 7
en sê vir hom: "Gaan was jou in die Siloambad." Siloam beteken die
een wat gestuur is.

Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien.

8 Sy bure en die ander mense wat hom voorheen as bedelaar geken
het, sê toe: "Maar is dit dan nie die man wat gesit en bedel het nie?"

9 Party van hulle het gesê: "Dit is hy!"

Maar party het gesê: "Nee, hy lyk maar net soos daardie man."

"Dit is ek!" het hy self gesê.

10 Hulle vra toe vir hom: "Maar hoe het jou oë dan reg gekom?"

11 En hy antwoord: "Die man met die naam Jesus het 'n bietjie klei
aangemaak en dit aan my oë gesmeer en vir my gesê: 'Gaan na Siloam
toe en was jou.' Ek het gegaan en my gewas, en ek kon sien!"

12 "Waar is hy nou?" vra hulle hom toe.

"Ek weet nie," was sy antwoord.

13 Daarna het die mense die man wat eers blind was, na die Fariseërs
toe gebring. 14 Dit was op 'n sabbatdag dat Jesus die klei aangemaak
en die man se oë genees het. 15 Die Fariseërs het hom ook weer gevra
hoe dit gekom het dat hy kan sien. Hy het hulle geantwoord: "Hy het
klei op my oë gesit en ek het my gewas, en nou sien ek."

**LEES**

*Week 4 • Dinsdag*

16 Party van die Fariseërs sê toe: "Hierdie man kom nie van God nie,
want hy hou nie die sabbatdag nie."

Maar van die ander het gesê: "Hoe kan iemand wat 'n sondaar is,
sulke wondertekens doen?"

En daar was verdeeldheid onder hulle.

17 Hulle sê toe weer vir die man wat blind was: "Wat sê jý van hom?
Hy het mos jou oë genees."

"Hy is 'n profeet," het hy geantwoord.

18 Die Jode het nie geglo dat die man blind was en nou kon sien nie,
totdat hulle sy ouers geroep 19 en vir hulle gevra het: "Is dit julle
seun van wie julle beweer dat hy blind gebore is? Hoe sien hy dan
nou?"

20 "Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore is," het sy
ouers geantwoord. 21 "Maar hoe hy nou sien, weet ons nie. En wie sy
oë genees het, weet ons ook nie. Vra hom self. Hy is oud genoeg; hy
kan vir homself praat."

22 Sy ouers het dit gesê omdat hulle bang was vir die Jode; want die
Jode het toe al klaar met mekaar afgespreek dat iemand wat openlik
verklaar dat Jesus die Christus is, uit die sinagoge geban sal word. 23
Daarom het sy ouers gesê: "Hy is oud genoeg; vra hom self."

24 Die Jode het toe die tweede keer die man wat blind was, geroep
en vir hom gesê: "Praat die waarheid voor God; ons weet mos hierdie
man is 'n sondaar."

25 Daarop het hy gesê: "Of hy 'n sondaar is, dit weet ek nie. Een ding
weet ek wel: ek was blind, en nou sien ek."

26 Hulle sê toe vir hom: "Wat het hy met jou gemaak? Hoe het hy
jou oë genees?"

27 "Ek het julle mos al vertel, en julle het nie geluister nie," antwoord
hy. "Hoekom wil julle dit weer hoor? Julle wil tog nie ook dissipels
van hom word nie?"

**LEES**

*Week 4 • Dinsdag*

28 Toe skel hulle hom uit en sê: "Jý is 'n dissipel van hom. Óns is dissipels van Moses. 29 Ons weet dat God met Moses gepraat het; maar hierdie man – ons weet nie waar hy vandaan kom nie."

30 "Dis darem snaaks," sê hy daarop vir hulle. "Julle weet nie waar hy vandaan kom nie, en tog het hy my oë genees. 31 Ons weet dat God nie na sondaars luister nie; maar as iemand vir Hom ontsag het en doen wat Hy wil hê, luister God na hom. 32 Van ewigheid af is daar nog nooit gehoor dat iemand die oë van een wat blind gebore is, genees het nie. 33 As hierdie man nie van God was nie, sou hy niks kon doen nie."

34 Hulle sê toe vir hom: "Jy is van jou geboorte af die ene sonde, en wil jy ons staan en leer?"

En hulle het hom uitgeban.

35 Jesus het gehoor dat die Jode die man uitgeban het; en toe Hy hom kry, vra Hy vir hom: "Glo jy in die Seun van die mens?"

36 Hy het geantwoord: "Wie is dit, Meneer, sodat ek in Hom kan glo?"

37 Jesus het vir hom gesê: "Jy sien Hom. Dit is Hy wat met jou praat."

38 Die man sê toe: "Ek glo, Here!"

En hy het Hom aanbid.

39 Toe sê Jesus: "Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op 'n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word."

40 Party Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gesê: "Ons is mos nie blind nie!"

41 Jesus antwoord hulle: "As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: 'Ons sien.' Daarom bly julle skuldig."

## SOAP

WEEK 4 • DINSDAG

**SOAP /** *Johannes 9:39*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 4 • DINSDAG

## SOAP

*Johannes 9:39*

*Toe sê Jesus: "Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op 'n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word."*

## OORDENKING

Die Evangelie van Johannes gaan voort met meer wondertekens van Jesus. Tot dusvêr het ons gesien hoe Jesus water in wyn verander, 'n amptenaar se seun oor afstand heen genees, 'n verlamde op die Sabbat genees, meer as vyf duisend mense voed en op water loop. In die verhaal wat ons vandag lees, het Jesus weer op die Sabbatdag genees, hierdie keer 'n man wat blind gebore was. Hou in gedagte terwyl jy vandag lees, dat 'n deel van Jesus se verduideliking van sy optrede in môre se leeswerk sal voortgaan.

Jesus het 'n man teëgekom wat blind gebore was. Hy het die man genees en die man het in Hom geglo. Later het die man se bure hom herken en probeer uitvind hoe hy sy sig verkry het. Hulle het hom na die Fariseërs geneem wat hom toe ondervra het. Die Fariseërs het geëis om meer van Jesus en wat Hy gedoen het, te wete te kom. Na hierdie ondervraging het Jesus die man weer opgespoor en verduidelik hoe Hy gekom het om aan blindes sig te gee.

In sy Evangelie het Johannes hierdie verhaal op 'n unieke manier vertel en baie verskille uitgelig tussen die man wat blind gebore is en dié wat met sig gebore is. Die blinde man het na Jesus se opdragte aan hom geluister. Hy het geglo dat Jesus 'n profeet was, en later geglo dat Jesus die Seun van die mens is. Die man se blindheid was nie die gevolg van sy sonde nie, en deur sy sig het hy groter begrip gekry van wie Jesus is. Daarteenoor het die Fariseërs, wat die tekens gesien het wat Jesus gedoen het, nie geluister toe hulle hoor wat Jesus gedoen het nie. Hulle het geëis om die storie oor en oor te hoor. Hulle het Jesus 'n sondaar genoem vir genesing op die Sabbat. Hulle blindheid was geestelike blindheid en was die gevolg van hulle sonde, van hulle weiering om te erken dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**.

Jesus, omdat Hy God is, het die gesag om te oordeel. Hy alleen kan sig, beide fisies en geestelik, aan ons gee. Deur Hom is ons in staat om God te sien wanneer Hy ons oë gee om te sien. As ons, soos die Fariseërs, weier om Hom te erken, is ons blind, nie in staat om te sien wie Hy is nie en skuldig aan sonde. Jesus het die man wat blind gebore is verlos van sy fisieke en geestelike blindheid; daardeur het die man die vermoë gekry om te sien asook te verstaan dat Jesus die Seun van God is.

**LEES**

*Week 4 • Woensdag*

*Johannes 10:1-21*

“Dít verseker Ek julle: Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie maar van ‘n ander kant af inklim, is ‘n dief en ‘n rower. 2 Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder; 3 vir hom maak die hekwagter oop. Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit. 4 Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken. 5 Hulle sal nooit ‘n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie.”

6 Deur hierdie beeld het Jesus met hulle gepraat, maar hulle het nie verstaan wat dit was wat Hy vir hulle wou sê nie.

7 Toe het Jesus verder gesê: “Dít verseker Ek julle: Ek is die ingang vir die skape. 8 Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie. 9 Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry. 10 ‘n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

11 “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape. 12 ‘n Huurling is geen herder nie, en dit is nie sy eie skape nie. As hy ‘n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg, en die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar. 13 Hy is ‘n huurling en bekommer hom nie oor die skape nie.

14 “Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, 15 net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape. 16 Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder.

17 “Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem. 18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het.”

19 Daar het toe verdeeldheid onder die Jode gekom oor hierdie woorde. 20 Baie van hulle het gesê: “Hy is van die duiwel besete, hy is mal! Hoekom luister julle nog na hom?”

21 Ander het gesê: “Dit is nie die woorde van ‘n besetene nie. ‘n Duiwel kan tog nie blindes se oë genees nie?”

## SOAP

WEEK 4 • WOENSDAG

**SOAP /** *Johannes 10:9–11*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**
WEEK 4 • WOENSDAG

## SOAP

*Johannes 10:9–11*

*Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry. 'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed. "Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."*

## OORDENKING

Nadat Jesus die blindgebore man genees het, het die Fariseërs hom ondervra. Hulle het die man uit die sinagoge gegooi en probeer om Jesus te diskrediteer deur te sê dat Hy 'n sondaar is omdat Hy op die Sabbat genees het. Jesus het op hierdie aantuigings gereageer en die Fariseërs blind genoem. Hulle het beweer hulle kon sien, maar was in werklikheid blind omdat hulle geweier het om Jesus en wié Hy is, te erken. Jesus het voortgegaan met 'n verduideliking oor wie Hy is deur 'n gelykenis te gebruik, en dit is waar die verhaal vandag verder gaan.

"**Ek is die deur**." Die deur verleen toegang tot die weiding wat die skape nodig het om aan die lewe te bly en te oorleef. Die deur bied ook beskerming teen gevaar, teen roofdiere of diewe. Die enigste manier waarop die skape lewe kan verkry, is deur die deur. Jesus is die Deur. Hy verleen aan ons toegang tot die lewe. Deur Hom en slégs deur Hom vind ons verlossing. Hy beskerm ons teen die vyand, en hou diegene weg wat sou probeer om ons te vernietig. Hy alleen is die Deur, die enigste weg na die ewige lewe.

"**Ek is die goeie herder**." 'n Herder lei die skape. Die herder beskerm die skape teen die dood, en hou hulle weg van roofdiere. Die herder lei die skape tot lewe, oorvloedige lewe, en lei hulle na goeie weiding sodat hulle gevoed kan word. Hy roep die skape, en die skape reageer, want hulle ken die herder. En te alle tye is die herder bereid om sy lewe vir die skape af te lê, want deur homself oor te gee, kan die skape gered word. Jesus is die Goeie Herder. Hy beskerm sy skape van die dood. Hy lei sy skape na 'noorvloedige lewe, gee hulle wat hulle nodig het, en onderhou hul lewe. Jesus het Homself oorgegee vir sy skape en in hulle plek gesterf sodat hulle oorvloedige ewige lewe saam met God sou hê. As ons sy skape is, ken en reageer ons op sy stem.

Jesus is die Deur, die weg na die ewige lewe, en die Goeie Herder, die beskermer, onderhouer en wagter van ons lewens. Ons vind vertroosting en bemoediging wanneer ons hierdie dinge glo. Jesus wys ons egter die werklikheid van die vyand, die dief wat kom steel, slag en vernietig. In hierdie gelykenis verteenwoordig die dief die Fariseërs, wat die blinde man uit die sinagoge gegooi het, wat probeer het om Jesus te diskrediteer en sy skape weg van Hom af te keer. As ons in Jesus, die Goeie Herder is, kan ons berus in die wete dat Hy ons lewens onderhou en ons altyd beskerm teen die vyande wat ons wil vernietig. Hy gee ons lewe, en lewe in oorvloed!

**LEES**

*Week 4 • Donderdag*

*Johannes 10:22-42*

Dit was daardie tyd die fees van die tempelwyding in Jerusalem, en dit was winter. 23 Jesus het in die tempel in die Pilaargang van Salomo geloop. 24 Die Jode het daar om Hom saamgedrom en vir Hom gesê: "Hoe lank gaan u ons nog in onsekerheid hou? As u die Christus is, sê dit reguit vir ons."

25 Jesus antwoord hulle toe: "Ek het dit vir julle gesê, en tog glo julle nie. Die dade wat Ek in die Naam van my Vader doen, bewys wie Ek is. 26 Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie. 27 My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. 28 Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. 29 Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. 30 Ek en die Vader is een."

31 Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig, 32 maar Jesus sê vir hulle: "Op gesag van die Vader het Ek julle talle goeie dade laat sien. Oor watter een daarvan wil julle My stenig?"

33 "Dis nie oor 'n goeie daad dat ons jou wil stenig nie," antwoord die Jode Hom, "maar oor godslastering, omdat jy, wat 'n gewone mens is, jou as God voordoen."

34 Daarop sê Jesus vir hulle: "Staan daar nie in julle wet geskrywe: 'Ek het gesê: Julle is gode' nie? 35 God noem hulle tot wie sy woord gekom het, dus 'gode', en wat daar geskrywe staan, kan nie verander word nie. 36 Hoe sê julle dan vir My wat deur die Vader afgesonder en na die wêreld toe gestuur is: 'Jy praat godslasterlik', omdat Ek gesê het: 'Ek is die Seun van God'? 37 As Ek nie die werke van my Vader doen nie, moet julle nie in My glo nie. 38 Maar as Ek dit wel doen en julle tog nie in My glo nie, moet julle ten minste aan die werke glo, sodat julle kan insien en weet dat die Vader in My en Ek in die Vader is."

39 Hulle wou Hom toe weer gevange neem, maar Hy het hulle ontglip. 40 Hy het teruggegaan na die plek oorkant die Jordaan waar Johannes vroeër gedoop het, en daar gebly. 41 Baie mense het na Hom toe gekom. Hulle het gesê: "Johannes het wel geen wonderteken gedoen nie, maar alles wat Johannes oor hierdie man gesê het, is waar."

42 Baie mense het daar tot geloof in Hom gekom.

## SOAP

WEEK 4 • DONDERDAG

**SOAP /** *Johannes 10:27–28*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 4 • DONDERDAG

## SOAP

*Johannes 10:27–28*

*My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.*

## OORDENKING

Jesus se aanspraak dat Hy die Goeie Herder is, het plaasgevind aan die einde van die huttefees, ‘n fees wat tydens die herfs gevier is. Die gebeure van die fees van die tempelwyding, wat maande later eers gevier is, kom onmiddellik na die huttefees in Johannes se Evangelie. Ons leer egter verder dat Jesus die Goeie Herder is. Alhoewel die gebeure nie onmiddellik na mekaar plaasgevind het nie, gebruik Johannes albei tonele om die waarheid dat Jesus die Goeie Herder is, tuis te bring.

Tydens die fees het die Joodse leiers vir Jesus gevra om reguit vir hulle te sê of Hy die Messias is. Jesus wou dit nie vir hulle sê nie. Nadat ons Johannes se Evangelie gelees het, weet ons dat Jesus die Messias is. Ons het gesien hoe Jesus teenoor die Samaritaanse vrou aanspraak gemaak het dat Hy die Messias is. Ons het ook gesien hoe Jesus se dissipels bevestig dat Hy die Messias is nadat hulle die tekens gesien het wat Hy gedoen het. Maar hierdie Joodse leiers het geweier om hierdie tekens en aansprake te glo.

Jesus se reaksie stel ‘n vraag wat ons almal moet vra: is ek een van Jesus se skape? Luister ek na sy stem en volg ek Hom? As ons sy skape is, het ons die ewige lewe en niks kan ons van Hom skei nie. Hy is die Goeie Herder wat sy skape beskerm en verdedig. As ons glo dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**, is ons sy skape. As sy skape word ons nie net deur Jesus, die Goeie Herder, beskerm nie, maar ons word deur God die Vader vasgehou.

Jesus het sy eenheid met God die Vader uitdruklik verklaar. Die Joodse leiers wou Hom stenig omdat hy beweer het dat Hy God is. As ons sy skape is, glo ons nie net dat Jesus die Goeie Herder is nie, maar dat Jesus een met die Vader is. Een van die kern leerstellings van die Christelike geloof is geloof in die drie-enige aard van God, dat Hy een God is in drie persone, Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is goeie nuus vir almal wat in Hom glo – want dieselfde krag van God bestaan in die Seun, die Goeie Herder, die Een wat ons van sonde en dood verlos en ons die ewige lewe bied.

**LEES**

*Week 4 • Vrydag*

*Johannes 11:1-44*

‘n Man met die naam Lasarus was siek. Hy was van Betanië, die dorp waar Maria en haar suster Marta gewoon het. 2 Maria was die vrou wat met reukolie die Here gesalf en sy voete met haar hare afgedroog het. Dit was haar broer Lasarus wat siek was. 3 Die susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: “Here, hy vir wie U lief is, is siek.”

4 Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: “Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.”

5 Jesus het vir Marta en haar suster en Lasarus liefgehad. 6 Nadat Hy gehoor het dat Lasarus siek is, het Hy egter nog twee dae op die plek gebly waar Hy was. 7 Eers daarna het Hy vir sy dissipels gesê: “Kom ons gaan terug na Judea toe.”

8 Die dissipels sê toe vir Hom: “Rabbi, nou die dag nog wou die Jode U stenig, en gaan U weer daarheen?”

9 Jesus het geantwoord: “Is daar nie twaalf uur in ‘n dag nie? As iemand in die dag loop, struikel hy nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien. 10 Maar as iemand in die nag loop, struikel hy, omdat hy nie die lig het nie.”

11 Hierna het Hy vir hulle gesê: “Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak.”

12 Die dissipels sê toe vir Hom: “Here, as hy slaap, sal hy gesond word.”

13 Jesus het van Lasarus se dood gepraat, maar hulle het gedink Hy praat van die gewone slaap. 14 Toe sê Jesus vir hulle reguit: “Lasarus is dood, 15 en om julle ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie sodat julle in My kan glo. Maar kom ons gaan na hom toe.”

16 Tomas, wat ook Didimus genoem is, sê toe vir die ander dissipels: “Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe.”

17 Toe Jesus daar kom, het Hy gevind dat Lasarus al vier dae in die graf was.

18 Betanië was naby Jerusalem, omtrent drie kilometer; 19 en baie van die Jode het na Marta en Maria toe gekom om hulle oor hulle broer te troos.

20 Toe Marta hoor dat Jesus kom, het sy Hom tegemoet gegaan; maar Maria het in die huis bly sit. 21 Marta sê toe vir Jesus: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie. 22 Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra.”

23 Jesus sê toe vir haar: “Jou broer sal uit die dood opstaan.”

24 Maar Marta sê vir Hom: “Ek weet hy sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan.”

## LEES
*Week 4 • Vrydag*

25 Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; 26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"

27 "Ja, Here," sê sy vir Hom, "ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom."

28 Nadat sy dit gesê het, het sy haar suster Maria gaan roep en saggies vir haar gesê: "Ons Leermeester is hier, en Hy roep jou."

29 Toe sy dit hoor, het sy gou opgestaan en na Hom toe gegaan. 30 Jesus het nog nie in die dorp aangekom nie, maar was nog op die plek waar Marta Hom ontmoet het. 31 Toe die Jode wat by Maria in die huis was en haar vertroos het, sien dat sy vinnig opstaan en uitgaan, het hulle agter haar aangegaan omdat hulle gedink het sy gaan na die graf toe om daar te huil. 32 Toe Maria daar aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete gekniel en vir Hom gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie."

33 Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan. 34 Hy vra toe: "Waar het julle hom begrawe?"

Hulle het vir Hom gesê: "Here, kom kyk."

35 Jesus het gehuil. 36 Die Jode sê toe: "Kyk hoe lief het hy hom gehad!"

37 Party van hulle het ook gesê: "Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?"

38 Jesus se gemoed het weer vol geskiet toe Hy by die graf kom. Dit was 'n rotsgraf, en daar was 'n klip voor die ingang gerol. 39 Jesus sê toe: "Rol die klip weg."

Maar Marta, die suster van die oorledene, sê vir Hom: "Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag."

40 Jesus sê toe vir haar: "Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?"

41 Hulle het toe die klip weggerol. Jesus het opgekyk boontoe en gesê: "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. 42 Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het."

43 Nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: "Lasarus, kom uit!"

44 Die oorledene het uitgekom. Sy hande en sy voete was nog toegedraai met grafdoeke en sy gesig toegebind met 'n kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: "Maak hom los dat hy kan huis toe gaan."



**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 4 • VRYDAG

**SOAP /** *Johannes 11:25–27*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 4 • VRYDAG

## SOAP

*Johannes 11:25–27*

*Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?" "Ja, Here," sê sy vir Hom, "ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom."*

## OORDENKING

Jesus se openbare bediening bereik 'n hoogtepunt met die wonderwerk wat Hy in Betanië uitgevoer het. Hy het reeds baie werke uitgevoer wat sy krag en gesag aan die publiek vertoon het. Hy het van Homself getuig en baie het ook van Hom getuig dat Hy die Seun van God is. Ten slotte het Johannes die hoogtepunt van Jesus se openbare bediening, die opstanding van Lasarus, opgeteken.

In hierdie deel vind ons beide die sewende en laaste wonderwerk en nog 'n verklaring van Jesus oor Homself. Toe Marta Jesus nader, het sy haar geloof in Hom en haar geloof in die opstanding bely. Alhoewel Marta se betuiging haar geloof in Jesus as die Messias bevestig het, was haar begrip van die opstanding onvolledig. Jesus het vir haar gesê: "**Ek is die opstanding en die lewe**." Jesus het sy mag oor die dood en mag om lewe te gee, verkondig. Want Hy kan nie net die dooies opwek nie, maar ook die ewige lewe gee aan almal wat in Hom glo.

Marta het haar geloof in die opstanding op die laaste dag uitgespreek en bevestig dat Jesus die Seun van God is. Wat sy nie verwag het nie, was hoe die krag van Jesus en die krag van die opstanding haar lewe in daardie oomblik sou verander.

Die laaste wonderteken wat Jesus gedoen het (sy eie opstanding uitgesluit) was om Lasarus uit die dood op te wek. In hierdie wonderwerk het Hy sy aanspraak bewys. Deur sy krag te wys om die dood om te keer, het Hy sy krag getoon om lewe te gee. Baie het die wonderwerke aanskou, insluitend Maria, Marta, Jesus se dissipels en 'n menigte roubeklaers. Hy het sy opstandingskrag in die openbaar vertoon, sy krag om die dood om te keer en lewe te bring.

Voordat Jesus Lasarus opgewek het, het Hy tot die Vader gebid en sy eenheid en gelykheid met God gewys. Hy het vir sy dissipels gesê dat Lasarus sou sterf sodat God verheerlik sou word, en in die opstanding van Lasarus het Jesus eer aan God gegee. Jesus het hierdie wonderteken gedoen sodat baie in Hom sou glo.

Wanneer ons glo dat Jesus die Opstanding en die Lewe is, wanneer ons glo dat Hy die Seun van God is, gee Hy ons die ewige lewe. In Jesus, alhoewel ons die dood in die gesig staar, sal ons ook die opstanding en die ewige lewe saam met Hom ervaar. Ons is selfs nie in die dood buite die bereik van sy krag nie. Die opstanding verander ons ewigheid en ons huidige omstandighede op maniere wat ons nooit kon verwag nie. Al wat ons nodig het om die krag daarvan te ervaar, is geloof in Jesus.

## OORDENKING

WEEK 4

1. *Wat het Jesus bedoel toe Hy beweer het dat Hy die Lig van die Wêreld is? Waarom was dit 'n belangrike standpunt wat Jesus moes maak?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

2. *Hoe het Jesus blindes weer laat sien? Hoe word ons blind as ons kies om nie te erken wie Jesus is nie?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

3. *Waarom is Jesus die Deur? Is daar ander deure wat na die ewige lewe lei? Waarom of waarom nie?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

4. *Waarom is Jesus die Goeie Herder? Wat doen Hy vir sy skape? Is jy een van Jesus se skape? Hoe weet jy?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

5. *Wat beteken dit dat Jesus die Opstanding en die Lewe is? Glo jy dit? Wat beteken dit vir jou daaglikse geloof?*

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………….



*Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."*

*Johannes 14:6*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Neem tyd om na te dink oor die sewe aansprake van Jesus hierdie week. Is daar een wat veral by jou en waar jy in jou geloof is, aanklank vind? Spandeer tyd om te mediteer oor hierdie aspek van wie Jesus is en werk daaraan om hierdie sewe aanprake van Jesus te memoriseer.*

**LEES**

*Week 5 • Maandag*

*Johannes 11:45-12:11*

Baie van die Jode wat na Maria toe gekom en gesien het wat Jesus gedoen het, het tot geloof in Hom gekom.

46 Maar party van hulle het na die Fariseërs toe gegaan en vir hulle vertel wat Jesus gedoen het. 47 Die priesterhoofde en die Fariseërs het toe die Joodse Raad bymekaargeroep en gesê: "Wat gaan ons doen? Hierdie man doen baie wondertekens. 48 As ons hom so laat aangaan, sal al die mense in hom glo, en dan kom verwoes die Romeine hierdie heilige plek en maak ons nasie tot niet."

49 Een van hulle, 'n sekere Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het egter vir hulle gesê: "Julle verstaan niks, 50 en julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie."

51 Dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe. 52 En Hy sou nie net vir die nasie sterwe nie, maar ook om die kinders van God wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar te bring.

53 Van daardie dag af was hulle vasbeslote om Jesus dood te maak. 54 Daarom het Jesus nie meer in die openbaar onder die Jode rondgegaan nie, maar daarvandaan weggegaan na die streek naby die woestyn, na 'n dorp met die naam Efraim. Daar het Hy met sy dissipels 'n rukkie gebly.

55 Die paasfees van die Jode was naby. Baie mense het voor die paasfees van die platteland af na Jerusalem toe gegaan om hulle te reinig. 56 Hulle het daar na Jesus gesoek en waar hulle in die tempel gestaan het, vir mekaar gesê: "Hoe dink julle? Hy sal seker nie fees toe kom nie, of hoe?"

57 Die priesterhoofde en die Fariseërs het toe al klaar opdrag gegee dat as iemand weet waar Hy is, hy dit moet aangee sodat hulle Hom gevange kan neem.

**LEES**

*Week 5 • Maandag*

1 Ses dae voor die paasfees het Jesus na Betanië toe gekom,
waar Lasarus wat Hy uit die dood opgewek het, gewoon
het. 2 Daar het hulle vir Jesus 'n ete gegee. Marta het
bedien, en Lasarus was een van dié wat saam met Hom
aan tafel was. 3 Toe het Maria 'n halfliter egte, baie duur
nardusolie gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy
voete met haar hare afgedroog. Die hele huis is deurtrek
met die geur van die reukolie.

4 Judas Iskariot, een van sy dissipels, die een wat Hom
sou verraai, sê toe: 5 "Waarom is hierdie reukolie nie vir
drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir die
armes gegee nie?"

6 Dit het hy gesê, nie omdat hy hom oor die armes
bekommer het nie, maar omdat hy 'n dief was. Hy het die
beursie gehad en het van die bydraes gevat.

7 Toe sê Jesus: "Laat staan haar. Sy moes dit hou vir hierdie
dag om My te salf vir my begrafnis. 8 Die armes het julle
tog altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie."

9 Baie van die Jode het verneem dat Jesus daar is en het
daarheen gekom, nie net ter wille van Jesus nie, maar ook
om vir Lasarus te sien wat Hy uit die dood opgewek het. 10
Die priesterhoofde het toe besluit om ook vir Lasarus dood
te maak, 11 omdat baie van die Jode deur hom na Jesus toe
oorgeloop en in Hom geglo het.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP
WEEK 5 • MAANDAG

**SOAP** / *Johannes 11:51–52*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 5 • MAANDAG

### SOAP

*Johannes 11:51–52*

*Dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe. En Hy sou nie net vir die nasie sterwe nie, maar ook om die kinders van God wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar te bring.*

### OORDENKING

Lasarus se opstanding was ‘n belangrike gebeurtenis. Baie mense was by sy graf en het gesien hoe hy uitkom. Hierdie mense het gesien wat Jesus gedoen het en in Hom geglo. Van die getuies het na die Fariseërs gegaan, wat alreeds ‘n rede gesoek het om Jesus dood te maak. Die Fariseërs en die heersende raad was bang dat as die Romeine sou uitvind van ‘n Joodse Messias of iemand wat die Jode as ‘n koning beskou het, die nasie Isreal vernietig sou word. Die Romeine het enigiemand doodgemaak wat verraad teen die Keiser gepleeg het en ‘n Joodse koning en enigiemand wat hom gevolg het, sou beslis teen Rome wees.

Hulle het besluit Jesus moet sterf. Hulle het geglo as een persoon sou sterf, maar die hele volk gered word, sou sy dood die moeite werd wees. Wat hulle nie besef het nie, was dat Jesus se dood hulle nie van die Romeine sou red nie, maar dat dit die wêreld van sonde en dood sou red.

Die opwekking van Lasarus uit die dood het gelei tot die dood van Jesus: die dood van Jesus het tot lewe vir die wêreld gelei. God is verheerlik deur die opwekking van Lasarus en meer nog, verheerlik deur die dood en opstanding van Jesus. Jesus sou sterf sodat baie sou glo en gered word. **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**; Sy dood bring lewe vir almal wat in Hom glo.

Maria se offer was een van aanbidding. Sy het gesien hoe Jesus magtige werke in haar lewe doen, insluitende om haar broer uit die dood op te wek. Sy het sy opstandingskrag in aksie gesien en haar liefde vir Jesus deur hierdie uitspattige daad geopenbaar. Maria se offer was ook een van voorbereiding. Sy het Jesus gesalf soos ‘n mens ‘n liggaam sal salf vir ‘n begrafnis, wat Jesus erken het. Of Maria dit verstaan het of nie, word nie gewys nie maar Jesus het duidelik geweet wat sou kom en Hy het Maria se daad van aanbidding aanvaar.

Dit is ‘n deurslaggewende toneel in Jahannes se Evangelie. Van hierdie punt af voel ons die dringendheid en nabyheid van Jesus se dood. Jesus het geweet. Hy het geweet sy dood kom en kom vining. Elke toneel van hierdie punt af is bedoel om vir die leser te wys wat gaan gebeur.

Ons is veronderstel om groot kontras in hierdie gedeelte te sien, van diegene wat in Jesus geglo het tot diegene wat Hom gerapporteer het, van die Fariseërs wat probeer het om Hom dood te maak, tot Maria wat Hom voor sy dood geëer het. Hier word ons ook weer gewys dat Judas Jesus sou verraai. Johannes bou spanning en afwagting op soos ons die laaste hoofstuk van Jesus se openbare bediening en die laaste dae van sy kruisiging binnegaan.

**LEES**

*Week 5 • Dinsdag*

*Johannes 12:12-50*

Die volgende dag het die groot menigte mense wat na die fees toe gekom het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom. 13 Hulle het palmtakke gevat en Hom tegemoet gegaan en uitgeroep:

"Prys Hom!
Loof Hom wat in die Naam
van die Here kom!"

en:

"Die Koning van Israel!"

Jesus het toe op 'n jong donkie geklim wat Hy daar gekry het, soos daar geskrywe staan:

15 "Moenie bang wees nie, Sion!
Kyk, jou Koning kom,
en Hy ry op 'n donkie."

16 Jesus se dissipels het hierdie dinge eers nie verstaan nie, maar nadat Hy verheerlik is, het hulle daaraan gedink dat wat daar geskrywe staan, op Hom betrekking gehad het en dat dit met Hom gebeur het.

17 Die mense wat by Jesus was toe Hy vir Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dood opgewek het, het gedurig daaroor gepraat. 18 Daarom het die menigte vir Jesus tegemoet gegaan: hulle het gehoor dat Hy hierdie wonderteken gedoen het. 19 Die Fariseërs het toe vir mekaar gesê: "Sien julle, julle rig niks uit nie! Kyk, die hele wêreld gaan agter hom aan!"

20 Daar was ook 'n aantal Grieke onder die mense wat fees toe gekom het om te aanbid. 21 Hulle het na Filippus, wat van Betsaida in Galilea afkomstig was, gegaan en vir hom gevra: "Meneer, ons wil Jesus graag ontmoet."

22 Filippus het gegaan en dit vir Andreas vertel. Andreas en Filippus gaan toe en sê dit vir Jesus. 23 Daarop sê Jesus vir

**LEES**
*Week 5 • Dinsdag*

hulle: "Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. 24 Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in. 25 Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou. 26 As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.

27 "Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. 28 Vader, verheerlik u Naam!"

Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: "Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik."

29 Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: "'n Engel het met hom gepraat."

30 Toe sê Jesus: "Hierdie stem het nie om my ontwil gekom nie, maar om julle ontwil. 31 Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe. 32 En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek."

33 Dit het Hy gesê en daarmee ook aangedui op watter manier Hy sou sterwe.

34 Die mense sê toe vir Hom: "Ons het uit die Skrif geleer dat die Christus vir ewig gaan bly. Hoe sê u nou dat die Seun van die mens verhoog moet word? En hierdie Seun van die mens, wie is hy?"

35 Toe sê Jesus vir hulle: "Nog net 'n kort tydjie is die lig by julle. Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis lewe, weet nie waar hy gaan uitkom nie. 36 Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees."

Dit het Jesus gesê en daarna van hulle af weggegaan en Hom skuil gehou.

**LEES**

*Week 5 • Dinsdag*

37 Alhoewel Jesus so baie wondertekens voor die mense gedoen het, het hulle tog nie in Hom geglo nie. 38 So moes die woorde van die profeet Jesaja vervul word:

“Here, wie het geglo
wat ons gehoor het?
En aan wie is die mag van die Here
geopenbaar?”

39 Waarom hulle nie kon glo nie, sê Jesaja ook elders:

40 “God het hulle oë blind gemaak
en hulle verstand laat afstomp
sodat hulle nie met hulle oë kan sien
en met hulle verstand kan verstaan
en hulle bekeer
en Ek hulle gesond maak nie.”

41 Jesaja het dit gesê omdat hy die heerlikheid van die Here gesien en oor Hom gepraat het.

42 Nietemin het selfs baie van die lede van die Joodse Raad tog ook tot geloof in Hom gekom, maar uit vrees vir die Fariseërs het hulle dit nie openlik bely nie, sodat hulle nie uit die sinagoge geban sou word nie; 43 want hulle het verkies om liewer deur mense geëer te word as deur God.

44 Toe het Jesus uitgeroep: “Wie in My glo, glo nie net in My nie maar ook in Hom wat My gestuur het. 45 En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het. 46 Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. 47 En as iemand na my woorde luister en hom nie daaraan steur nie, veroordeel Ek hom nie, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red. 48 Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het reeds iets wat hom veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het, sal hom op die laaste dag veroordeel. 49 Ek het nie uit my eie gepraat nie, maar juis die Vader wat My gestuur het, het My opgedra wat Ek moet sê en wat Ek moet praat. 50 En Ek weet dat sy opdrag die ewige lewe beteken. Wat Ek sê, sê Ek presies net soos die Vader dit vir My gesê het.”

## SOAP

WEEK 5 • DINSDAG

**SOAP /** *Johannes 12:44–46*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 5 • DINSDAG

## SOAP

*Johannes 12:44–46*

*Toe het Jesus uitgeroep: Wie in My glo, glo nie in My nie, maar ook in Hom wat My gestuur het. En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het. Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie."*

## OORDENKING

In ons leesstuk vandag sien ons die laaste gebeure van Jesus se openbare bediening. Jesus het Betanië vyf dae voor Pasga verlaat, die oggend nadat Maria olie op sy voete uitgestort het. Jesus het geweet die Fariseërs en owerpriesters wou Hom doodmaak, maar Hy het ook geweet wat Hy moes doen. Toe Jesus Jerusalem binnegegaan het, het baie wat in Hom geglo het, Hom geprys en geseën soos Hy die stad binne gegaan het.

Meer mense het na Jesus in Jerusalem gekom en wou Hom leer ken. Jesus het geweet sy tyd het aangebreek en Hy sou nie meer wonderwerke doen nie. In plaas daarvan het Hy weer die weg na die ewige lewe verduidelik: deur in Hom te glo. Sy doel was om die Vader te verheerlik deur vir die sonde van die wêreld te sterf sodat ons toegang tot God en die ewige lewe kan hê. Die skare het nie verstaan nie en het steeds nie erken dat Jesus gekom het om te sterf en nie om te regeer nie. In die laaste ure van Jesuse se openbare bediening het baie steeds geweier om in Hom te glo ten spyte van al die wondertekens wat Hy gedoen het.

In sy laaste woorde aan die skare het Jesus weereens sy identiteit en doel verduidelik, en ook sy gesag bevestig. Jesus is God geïnkarneer, God het vlees geword. Sy doel is om God te verheerlik. Wanneer ons in Jesus glo, glo dat **Hy die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe is**, glo ons in die Vader. Hy is die Lig wat duisternis verwyder en lewe gee.

Dit is bedoel om ons te herinner aan die opening van Johannes se Evangelie waar Jesus voorgestel word as die Lig van die Wêreld, sowel as Jesus se verklaring dat Hy die Lig van die Wêreld is. Wanneer ons in Hom bly, is ons vry van die duisternis van sonde. Terwyl die wêreld dalk in duisternis wil bly, behoort gelowiges in Christus aan die lig. Die Lig bring lewe en sonder die Lig ken ons nie vir God nie.

Jesus is die Lig van die Wêreld. Wanneer ons in Hom glo, glo ons nie net in sy boodskap en sy getuienis nie, maar ons glo in die Een wat Hom gestuur het. Sonder Hom bly ons in die duisternis. Hy het gekom om ons uit hierdie duisternis te red en om ons in die lig te bring.

**LEES**

*Week 5 • Woensdag*

*Johannes 13:1-30*

Voor die viering van die paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan. Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.

2 Jesus en sy dissipels was aan tafel. Die duiwel het toe al klaar vir Judas seun van Simon Iskariot op die gedagte gebring om Jesus te verraai. 3 Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God teruggaan. 4 Toe het Hy van die tafel af opgestaan, sy bokleed uitgetrek en 'n handdoek gevat en om Hom vasgemaak. 5 Daarna het Hy water in 'n wasskottel gegooi en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het.

6 Toe Hy by Simon Petrus kom, vra dié vir Hom: "Here, gaan Ú mý voete was?"

7 En Jesus antwoord hom: "Wat Ek doen, begryp jy nie nóú nie, maar later sal jy dit verstaan."

8 Maar Petrus sê vir Hom: "U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!"

Daarop sê Jesus vir hom: "As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie."

9 Simon Petrus sê toe vir Hom: "Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my gesig."

10 En Jesus sê vir hom: "Hy wat klaar gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy voete te was nie. En julle is nou skoon, maar nie almal nie."

11 Jesus het geweet wie Hom sou verraai; daarom het Hy gesê: "Julle is nie almal skoon nie."

12 Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? 13 Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. 14 As Ek, wat julle Here en

**L E E S**

*Week 5 • Woensdag*

julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. 15 Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. 16 Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie. 17 Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen."

18 "Ek praat nie van julle almal nie; Ek weet wie Ek uitgekies het. Maar die Skrif moet vervul word: 'Hy wat van my brood eet, het My in die rug gesteek.' 19 Ek sê dit nou al vir julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat Ek is wat Ek is. 20 Dit verseker Ek julle: Wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het."

21 Na hierdie woorde het Jesus hewig ontsteld geword en openlik verklaar: "Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraai."

22 Die dissipels het verslae na mekaar gekyk en nie geweet wie Hy bedoel nie. 23 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, het net langs Hom aan tafel gesit. 24 Simon Petrus beduie toe vir hom dat hy moet vra wie dit is wat Jesus bedoel. 25 Hy leun toe oor na Jesus se kant en vra vir Hom: "Here, wie is dit?"

26 Jesus het geantwoord: "Dit is die een vir wie Ek 'n stukkie brood wat Ek in die sous ingesteek het, sal gee."

Hy vat toe 'n stukkie brood, steek dit in die sous en gee dit vir Judas seun van Simon Iskariot. 27 En nadat Judas die stukkie brood gevat het, het die Satan in hom ingevaar. Toe sê Jesus vir hom: "Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen!"

28 Niemand van die ander wat aan tafel was, het geweet waarom Hy dit vir hom gesê het nie. 29 Omdat Judas die beursie gehad het, het party van hulle gedink dat Jesus vir hom sê: "Gaan koop wat ons vir die paasfees nodig het," of dat hy iets vir die armes moes gaan gee.

30 Nadat Judas dan die stukkie brood gevat het, het hy dadelik uitgegaan. Dit was nag.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 5 • WOENSDAG

**SOAP** / *Johannes 13:20*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 5 • WOENSDAG

### SOAP

*Johannes 13:20*

*Dit verseker Ek julle: Wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.*

### OORDENKING

Johannes 13 is die oorgang van Jesus se openbare bediening na sy private bediening. Jesus het ‘n maaltyd met sy dissipels, sy twaalf naaste vriende en volgelinge gedeel. Jesus het geweet wat sou kom: Hy het geweet God het alle dinge aan Hom oorgegee, Hy het geweet Hy is van God en gaan terug na God toe en Hy het geweet dat Judas, een van sy eie, Hom gaan verraai.

Aan die begin van die maaltyd het Jesus ‘n handdoek en ‘n wasbak geneem en sy dissipels se voete gewas. Normaalweg was hierdie verantwoordelikheid vir die slaaf van die huishouding gereserveer. Dit was ‘n normale taak vir ‘n slaaf, maar vir die eienaar van ‘n huis om Homself te verootmoedig en die voete van sy gaste te was, was ongehoord. Jesus se optrede het alle sosiale norme en alle idees van hiërargie weerspreek. Jesus het Homself verneder tot die plek van die dienskneg om vir sy dissipels te wys hoe hulle moes optree in sy afwesigheid. Jesus het nederigheid, diensbaarheid en liefde aan sy dissipels betoon deur hulle voete te was. Hy was die voorbeeld en Hy het hulle opdrag gegee om te doen soos Hy gedoen het.

Soos God Jesus na die wêreld gestuur het, sou Jesus sy dissipels na die wêreld toe stuur. Hier, by hulle laaste maaltyd saam, het Jesus vir hulle ‘n voorbeeld en instruksies gegee van hoe om as sy boodskappers te lewe. Want net soos Hy nie groter is as die Vader, die Een wat Hom gestuur het nie, was sy dissipels ook nie groter as Jesus nie. Jesus het hulle opdrag gegee om mekaar te dien en om mekaar nederig lief te hê soos Hy hulle liefgehad het.

Die dissipels het Christus aangeneem en op hul beurt die Vader aangeneem. Diegene wat dié wat Jesus stuur aanvaar, aanvaar Hom ook. Diegene wat die getuienis van hierdie dissipels aanvaar en glo, aanvaar en glo Jesus self. Soos die hiërargie tussen slaaf en meester, is daar ‘n hiërargie tussen stuurder en boodskapper. Jesus is die stuurder wat Sy dissipels na die wêreld stuur om in nederigheid te dien, mekaar lief te hê en die boodskap van die waarheid aan die wêeld te bring; **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**. Die dissipels is deur Jesus gestuur en diegene wat op hulle gereageer het, het op Jesus gereageer, Maar om getuies van Jesus te wees, moes die dissipels soos Jesus optree. Hierdie voorbeeld van diensbaarheid, liefde en nederigheid is hoe volgelinge van Jesus Hom aan die wêreld moet verteenwoordig. Dit beteken nie altyd om voete te was nie, maar dit beteken om sosiale druk en persoonlike gemak teen te staan om Hom bekend te maak.

**LEES**

*Week 5 • Donderdag*

*Johannes 13:31-14:31*

Toe Judas uit is, sê Jesus: "Nou word die Seun van die mens verheerlik, en God word deur Hom verheerlik. 32 En aangesien God deur Hom verheerlik word, sal God self Hom ook verheerlik; en Hy sal Hom binnekort verheerlik. 33 My kinders, Ek is nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie. 34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

36 Simon Petrus vra toe vir Hom: "Here, waarheen gaan U?"

Jesus het hom geantwoord: "Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar later sal jy My volg."

37 Toe sê Petrus vir Hom: "Here, hoekom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê."

38 "Sal jy jou lewe vir My aflê?" vra Jesus. "Dít verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën."

1 "Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. 2 In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. 3 En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. 4 En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan."

5 Tomas sê toe vir Hom: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?"

6 Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. 7 As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."

8 Toe sê Filippus vir Hom: "Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg."

9 En Jesus sê vir hom: "Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? 10 Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. 11 Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self.

**LEES**

*Week 5 • Donderdag*

12 "Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen;
en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan. 13
Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun
verheerlik kan word. 14 As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."

15 "As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. 16 Ek sal die Vader vra,
en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, 17
naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie,
omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat
Hy by julle bly en in julle sal wees.

18 "Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. 19
Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien
My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. 20 Daardie dag sal julle weet dat Ek in my
Vader is en julle in My en Ek in julle.

21 "Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My
liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom
openbaar."

22 Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: "Here, hoe kom dit dat U U
aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie?"

23 Jesus antwoord hom: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte
neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom
woon. 24 Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie; en die
woorde wat julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het.

25 "Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; 26 en wanneer die Vader in
my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle
herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

27 "Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir
julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees
nie, en julle moet nie bang wees nie. 28 Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê
het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het,
sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter
as Ek is. 29 En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo
wanneer dit gebeur. 30 Ek sal nie meer lank met julle kan praat nie, want die
owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie, 31 maar
die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader
My beveel het.

"Staan op, laat ons hiervandaan weggaan."

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

# SOAP

WEEK 5 • DONDERDAG

**SOAP /** *Johannes 14:6*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 5 • DONDERDAG

## SOAP

*Johannes 14:6*

*Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."*

## OORDENKING

Die Evangelie van Johannes toon baie aspekte van Jesus se openbare bediening. Hy is op baie verskillende plekke en het interaksie met baie verskillende mense. Wanneer die Evangelie oorgaan na Jesus se private bediening, het die gebeure wat Johannes beskryf het, binne 'n paar uur op een plek plaasgevind. Soos Jesus sy laaste maaltyd met sy dissipels gedeel het, het Hy selfs meer geopenbaar van wie Hy is deur twee laaste aansprake.

Judas het uitgegaan, maar baie van die dissipels het nie verstaan wat hy van plan was om te doen nie. Terwyl Jesus aangehou het om Homself te openbaar, het die dissipels nie verstaan wat Hy gesê het oor waarheen Hy oppad is nie. Hulle het gedink in terme van 'n fisiese ligging, 'n plek waarvan hulle nie geweet het nie. Hulle wou graag voortgaan om Jesus te volg. Toe hulle Hom vra oor die pad na waarheen Hy op pad is, het Jesus gesê, "**Ek is die weg en die waarheid en die lewe**."

Jesus is die Weg. Hy is die weg na die Vader – niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie. As ons Jesus ken, ken ons die Vader en sonder Jesus kan ons nie die Vader ken nie. Jesus het weereens sy verbintenis met die Vader verduidelik en sy godheid as die Seun van God bevestig. Hy is die Weg, die enigste weg na die Vader.

Jesus is die Waarheid. Hy is die beliggaming van die Woord van God. Hy is die vleesgeworde Woord wat by ons kom woon sodat ons die Vader kan ken (sien Johannes 1). Al God se eienskappe word in Hom bekend gemaak. Wanneer ons sy gebooie gehoorsaam, doen ons dit omdat ons glo dat Hy Waarheid is. Omdat Jesus sou teruggaan na die Vader, het Hy belowe om 'n Voorspraak, die Gees van waarheid te stuur om in sy volgelinge te woon. Die Gees van waarheid woon in diegene wat in Jesus glo en sy getuienis aanvaar.

Jesus is die Lewe. Alhoewel die dissipels nog nie verstaan het nie, het Jesus aanhou verwys na sy komende dood. Jesus sou nie dood bly nie: Hy Leef! Omdat Hy lewe, sal ons ook lewe (Johannes 14:19). Hy is die Een wat mag het oor die dood, mag oor die graf en mag om aan ons die ewige lewe te gee.

Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe.

## LEES
*Week 5 • Vrydag*

*Johannes 15:1-16:33*

“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 2 Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. 3 Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. 4 Julle moet in My bly en Ek in julle. ‘n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

5 “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. 6 As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos ‘n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. 7 As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8 My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.”

9 “Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. 10 As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.

11 “Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees. 12 Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. 13 Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. 14 Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. 15 Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want ‘n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. 16 Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. 17 Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!”

18 “As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat. 19 As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle. 20 Onthou wat Ek vir julle gesê het: ‘n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde ter harte geneem het, sal hulle julle s’n ook ter harte neem. 21 Maar hulle sal dit alles aan julle doen omdat julle my Naam bely en hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie.

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

22 “As Ek nie gekom en met hulle gepraat het nie, sou hulle nie skuldig gewees het nie; maar nou het hulle geen verskoning vir hulle sonde nie. 23 Wie My haat, haat ook my Vader. 24 As Ek nie by hulle die werke gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle nie skuldig gewees het nie; maar nou sien hulle dit, en tog haat hulle My en my Vader. 25 Maar die woorde wat in die Skrif geskrywe staan, moet vervul word: ‘Hulle het My sonder rede gehaat.’

26 “Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig. 27 En julle moet getuig, want julle is van die begin af by My.”

1 “Hierdie dinge sê Ek vir julle sodat julle nie afvallig word nie. 2 Die mense sal julle uit die sinagoges ban. Daar kom selfs ‘n tyd dat elkeen wat een van julle doodmaak, sal dink dat hy ‘n diens aan God bewys. 3 En dit sal hulle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie. 4 Maar Ek sê dit nou vir julle, sodat wanneer die tyd daarvoor aanbreek, julle daaraan moet dink dat Ek dit vir julle gesê het. Ek het dit egter nie van die begin af vir julle gesê nie, omdat Ek nog by julle was.”

5 “Nou gaan Ek na Hom toe wat My gestuur het, en tog vra niemand van julle vir My: ‘Waar gaan U heen?’ nie. 6 Maar omdat Ek dit vir julle sê, is julle harte vol droefheid. 7 Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur. 8 En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het. 9 Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie; 10 die reg is aan my kant, want Ek gaan na die Vader toe, en julle sal My nie meer sien nie; 11 die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel.

12 “Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. 13 Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. 14 Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. 15 Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.”

**LEES**
*Week 5 • Vrydag*

16 "Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer 'n
klein rukkie, dan sal julle My weer sien."

17 Party van sy dissipels het toe vir mekaar gevra: "Wat beteken dit
dat Hy vir ons sê: 'Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie; en weer
'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien' en: 'Ek gaan na die Vader
toe'? 18 Hierdie 'klein rukkie' waarvan Hy praat, wat beteken dit? Ons
weet nie wat Hy bedoel nie," het hulle gesê.

19 Jesus het gemerk dat hulle dit vir Hom wou vra, en Hy sê toe vir
hulle: "Praat julle met mekaar daaroor dat Ek gesê het: Nog 'n klein
rukkie, dan sien julle My nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My
weer sien? 20 Dit verseker Ek julle: Julle sal huil en treur, maar die
wêreld sal bly wees. Julle sal bedroef word, maar julle droefheid sal in
blydskap verander. 21 'n Vrou kry swaar wanneer haar tyd gekom het
en haar kindjie gebore word. Maar wanneer die kindjie gebore is, dink
sy nie meer aan die pyn nie, so bly is sy dat daar 'n mens in die wêreld
gekom het. 22 Net so is julle ook nou bedroef, maar as Ek julle weer
sien, sal julle harte vol blydskap wees, en niemand kan julle blydskap
van julle af wegneem nie. 23 Daardie dag sal julle nie meer vrae aan
My stel nie.

"Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid,
sal Hy vir julle gee. 24 Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid
nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."

25 "Dit het Ek deur beeldspraak vir julle gesê. Daar kom 'n tyd wanneer
Ek nie meer deur beeldspraak met julle sal praat nie maar julle reguit
van die Vader sal vertel. 26 Van daardie dag af sal julle in my Naam
bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie, 27 want
die Vader self het julle lief, omdat julle My liefhet en glo dat Ek van
God gekom het. 28 Ek het van die Vader gekom en Ek is hier in die
wêreld. Nou verlaat Ek weer die wêreld en Ek gaan na die Vader toe."

29 Sy dissipels sê toe: "Kyk, nou praat U reguit en gebruik nie
beeldspraak nie. 30 Nou weet ons dat U alles weet, en niemand hoef U
verder uit te vra nie. Ons glo nou dat U van God gekom het."

31 Daarop sê Jesus vir hulle: "Glo julle nou? 32 Kyk, daar kom 'n tyd,
en dit is nou al hier, dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen sy eie
koers in, en dat julle My alleen sal laat; en tog is Ek nie alleen nie,
omdat die Vader by My is. 33 Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan
vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek
het die wêreld klaar oorwin."

## SOAP

WEEK 5 • VRYDAG

**SOAP /** *Johannes 15:1*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Johannes 15:1*

*"Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer."*

## OORDENKING

Vandag se verse vind weereens plaas in die middel van Jesus se laaste aand met sy dissipels voor sy kruisiging. Jesus het reeds hulle voete gewas, sy verraaier uitgestuur, aangekondig dat Hy die Weg, die Waarheid en die Lewe is, en die bediening van die komende Heilige Gees begin verduidelik. In vandag se leesstuk was die maaltyd voltooi en Jesus het laaste instruksies en waarskuwings aan sy dissipels gegee. Voor hierdie waarskuwings en instruksies sluit Johannes die laaste verklaring van Jesus in: "**Ek is die ware wingerdstok.**"

In die eerste teken wat Johannes gebruik het om vir ons te wys dat Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe, het Jesus water in wyn verander. Wyn kom van druiwe wat op 'n wingerdstok groei, 'n vrug wat oorvloedig in die streek van Jerusalem was. Wanneer takke van die wingerdstok geskei word, begin hulle doodgaan en produseer hulle nie meer vrugte nie. Wanneer die takke egter aan die wingerdstok, hulle bron van lewe, vasbly, dra hulle baie vrugte.

Jesus het sy dissipels en al sy volgelinge beveel om in Hom, die ware Wingerdstok te bly. Wanneer ons in Hom bly, eer ons die Vader en wys ons ons is sy dissipels. As ons begin om ons lewens los van die ware Wingerdstok te leef, sal ons verdor. Ons put lewe uit Jesus, deur elke dag aan Hom vas te klou.

Wanneer ons in Jesus bly, kan ons sy opdrag volg om mekaar lief te hê. Wanneer ons in sy liefde bly, gehoorsaam ons sy gebooie en het ons lief soos Hy ons liefhet. Jesus toon die vlak van toewyding wat ons moet hê in liefde vir ons broers en susters in Christus: ons moet bereid wees om ons lewens vir ander af te lê soos Jesus sy lewe vir ons afgelê het.

Alhoewel ons dalk nie almal lewens- of doodsomstandighede in die gesig staar as gevolg van ons geloof nie of met 'n keuse gekonfronteer word om ons lewe vir 'n ander af te lê nie, sal sommige van ons. Jesus het die dissipels gewaarsku oor wat gaan kom: die wêreld sal hulle haat omdat dit Hom haat. Die wêreld sal altyd volgelinge van Christus vervolg. Jesus het hierdie waarskuwings en opdragte gegee sodat ons in Hom sal bly. Al sal ons moeilikheid, dood en vervolging in die gesig staar, kan ons in Hom bly. Hy is die ware bron van lewe. Hy is die Wingerdstok wat ons onderhou, vir ons voorsien en ons bewaar. Mag ons in Hom glo en aan Hom vashou as die ware Wingerdstok, maak nie saak wat kom nie.

## OORDENKING

WEEK 5

1. *Waarom was die owerhede kwaad dat Jesus Lasarus uit die dood opgewek het? Waarom het hierdie wonderwerk veroorsaak dat hulle Jesus wou doodmaak?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

2. *Op watter maniere bly die wêreld in duisternis? Hoe het Jesus, as die Lig van die Wêreld, lig in jou lewe gebring?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

3. *Watter voorbeeld het Jesus aan sy dissipels (en aan ons) gegee om as sy boodskappers na die wêreld op te tree? Hoe kan jy ook daarvolgens leef?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

4. *Wat beteken dit dat Jesus die Weg, die Waarheid en die Lewe is? Glo jy dat Hy die enigste weg na God is? Glo jy dat Hy alleen die waarheid is? Glo jy dat Hy lewe gee? Waarom of waarom nie?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

5. *Verduidelik wat Jesus bedoel as Hy sê dat Hy die ware Wingerdstok is. Hoe kan jy in Jesus bly?*

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................



*Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.*

*Johannes 20:31*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Glo jy Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe? Hoekom of hoekom nie? Kan jy dit aan 'n vriend verduidelik wat Christus nie ken nie? Vra hierdie week vir God om vir jou 'n deur oop te maak om te deel hoe Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe.*

**LEES**

*Week 6 • Maandag*

*Johannes 17*

Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: "Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. 2 U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. 3 En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. 4 Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen. 5 Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.

6 "Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem. 7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; 8 want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.

9 "Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. 10 Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. 11 Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe.

"Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees. 12 Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in u Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word.

13 "Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydskap in al sy volheid

**LEES**

*Week 6 • Maandag*

in hulle kan hê. 14 Ek het u woord aan hulle gegee, en die
wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort
nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. 15 Ek
bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar
dat U hulle van die Bose moet bewaar. 16 Hulle behoort
nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld
behoort nie. 17 Laat hulle aan U toegewy wees deur die
waarheid. U woord is die waarheid. 18 Soos U My na die
wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe
gestuur; 19 en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe,
sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees.

20 "Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat
deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. 21 Ek bid dat
hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en
Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld
kan glo dat U My gestuur het. 22 Die heerlikheid wat U My
gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan
wees net soos Ons een is: 23 Ek in hulle en U in My, sodat
hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat
U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.

24 "Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My
gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid
kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My
al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.

25 "Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken
U, en hulle hier weet dat U My gestuur het. 26 Ek het
u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder
bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in
hulle kan wees en Ek ook in hulle."

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 6 • MAANDAG

**SOAP /** *Johannes 17:3*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 6 • MAANDAG

### SOAP

*Johannes 17:3*

*"En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is."*

### OORDENKING

Johannes 17 is die laaste hoofstuk waarin Johannes Jesus se private bediening aangewys het. Die manier waarop Johannes sy argument georganiseer het, was om Jesus se openbare bediening te beskryf (insluitend die wonderbaarlike tekens wat Hy gedoen het en uitsprake wat Hy oor Homself gemaak het), Jesus se private bediening, en sy inhegtenisname, verhore, kruisiging en opstanding. Soos ons vandag die gedeelte van Jesus se private bediening afsluit, vind ons Jesus, steeds saam met sy dissipels op hul laaste aand, besig om tot die Vader te bid.

In hierdie gebed het Jesus eerstens gebid dat die Vadet deur Hom verheerlik moet word. Jesus het geweet wat kom en Hy het gevra dat die Vader Homself sal verheerlik deur Jesus te verheerlik. Hy het nie vir sy eie eer gevra nie, maar net na die eer van die Vader. Hierdie eerste vyf verse van hoofstuk 17 is bedoel om ons te herinner aan die eerste vyf verse van Johannes se Evangelie. Ons word herinner aan Jesus se gesag, sy rol in die skepping, sy ewige natuur en sy gawe van die ewige lewe.

Deur hierdie Evangelie is ons ook oor en oor vertel dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**. Hier kry ons 'n beter begrip van wat die ewige lewe is. Want die ewige lewe beskryf nie net die duur van die lewe nie, maar die kwaliteit daarvan. Ons lewenskwaliteit sal ongeëwenaard, onpeilbaar wees, want dit sal gedefinieer word deur ons verhouding met God die Vader deur God die Seun. Deur Jesus alleen kan ons God ken. Nie 'n intellektuele tipe kennis nie, maar 'n verhoudingskennis. Wanneer ons ons geloof in Jesus plaas, wanneer ons glo dat Hy die Seun van God is wat ons deur sy offer van sonde bevry het, kan ons 'n verhouding met Hom hê. Ons verhouding met Jesus, deur Jesus te ken, laat ons die een ware God ken. Die ewige lewe is 'n verhouding met Hom.

Die Evangelie van Johannes staan op die punt om ‘n verandering te maak. Ons sal nie meer sien hoe Jesus aansprake oor Homself maak of Homself by die godsdienstige owerhede verdedig nie. In plaas daarvan het Hy Homself verneder ter wille van die wêreld. Jesus het vir sy dissipels en vir alle gelowiges gebid voordat hierdie gebeure begin het. Sy liefde vir sy dissipels en alle gelowiges word nie net deur sy gebed getoon nie, maar deur die gebeure wat Hy op die punt was om te verduur om baie mense na Hom te bring. Sonder sy liefde vir ons sou die ewige lewe nie moontlik wees nie. Sonder God se groot liefde vir die wêreld sou Hy nie sy Seun gestuur het om in ons plek te sterf en vir ons die ewige lewe saam met Hom te bied nie.

**LEES**

*Week 6 • Dinsdag*

*Johannes 18:1-19:42*

Nadat Jesus dit gesê het, het Hy met sy dissipels oor Kedronspruit gegaan. Daar was 'n tuin, en Hy en sy dissipels het daar ingegaan. 2 Judas, sy verraaier, het ook die plek geken, omdat Jesus en sy dissipels dikwels daar gekom het.

3 Judas het toe die afdeling soldate gevat en die wagte in diens van die priesterhoofde en die Fariseërs en hulle het daar aangekom met lanterns en fakkels en wapens. 4 Omdat Jesus geweet het van alles wat oor Hom gaan kom, het Hy vorentoe gekom en vir hulle gevra: "Vir wie soek julle?"

5 "Jesus van Nasaret," antwoord hulle Hom.

"Dit is Ek!" sê Hy toe vir hulle.

Judas, sy verraaier, het ook daar by hulle gestaan. 6 Toe Jesus dan vir hulle sê: "Dit is Ek!" het hulle teruggedeins en op die grond neergeval.

7 Hy vra hulle toe weer: "Vir wie soek julle?"

En hulle sê: "Jesus van Nasaret."

8 Toe sê Jesus: "Ek het vir julle gesê dit is Ek. As julle My soek, laat die mense hier by My dan toe om weg te gaan."

9 So sou vervul word wat Hy voorheen gesê het: "Van dié wat U My gegee het, het Ek niemand verlore laat gaan nie."

10 Simon Petrus het 'n swaard by hom gehad. Hy ruk dit toe uit, slaan daarmee na die slaaf van die hoëpriester en kap sy regteroor af. Die slaaf se naam was Malgus. 11 Toe sê Jesus vir Petrus: "Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie?"

12 Toe het die afdeling soldate onder die kommandant saam met die wagte in diens van die Joodse Raad vir Jesus gevange geneem en Hom geboei. 13 Hulle het Hom eers na Annas toe gebring. Hy was die skoonvader van Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was. 14 Dit was Kajafas wat vir die Jode die raad gegee het dat dit tot hulle voordeel is dat een man vir die volk sterwe.

15 Simon Petrus en 'n ander dissipel het agter Jesus aangegaan. Daardie ander dissipel was aan die hoëpriester bekend en het saam met Jesus in die hoëpriester se woning 16 ingegaan, maar Petrus het buite by die deur bly staan. Toe het daardie ander dissipel wat aan die hoëpriester bekend was, uitgegaan en met die deurwagter gepraat en vir Petrus ingebring. 17 Die diensmeisie wat deurwagter was, sê toe vir Petrus: "Jy is tog nie ook een van hierdie man se dissipels nie?"

"Nee, ek is nie!" antwoord hy.

18 Die slawe en die wagte het hulle gestaan en warm maak by die vuur wat

## LEES
*Week 6 • Dinsdag*

hulle gemaak het omdat dit koud was. En Petrus het hom ook saam met hulle gestaan en warm maak.

19 Die hoëpriester het Jesus toe ondervra oor sy dissipels en oor sy leer. 20 Jesus het hom geantwoord: "Ek het in die openbaar met die mense gepraat. Ek het hulle altyd in die sinagoges en in die tempel geleer, waar al die Jode bymekaar kom; en Ek het niks in die geheim gesê nie. 21 Waarom ondervra u My? Ondervra dié wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het. Hulle weet wat Ek gesê het."

22 Toe Jesus dit sê, het een van die wagte wat daarby gestaan het, Hom geklap en gesê: "Antwoord jy die hoëpriester so?"

23 Jesus sê toe vir hom: "As wat Ek gesê het, verkeerd was, sê dan wat was verkeerd; maar as dit reg was, waarom slaan jy My?"

24 Annas het Hom toe geboei na die hoëpriester Kajafas toe gestuur.

25 Simon Petrus het hom nog gestaan en warm maak. Die mense by die vuur vra toe vir hom: "Jy is tog nie ook een van sy dissipels nie?"

Hy het dit ontken en gesê: "Nee, ek is nie!"

26 Een van die hoëpriester se slawe wat familie was van die een wie se oor Petrus afgekap het, vra toe: "Het ek jou dan nie in die tuin by hom gesien nie?"

27 Petrus het dit weer ontken, en net daarna het daar 'n haan gekraai.

28 Toe het hulle vir Jesus van Kajafas af na die ampswoning van die goewerneur toe gebring. Dit was die môre vroeg. Hulle het self nie in die ampswoning ingegaan nie, sodat hulle nie onrein sou word nie maar die paasmaaltyd sou kon eet. 29 Pilatus het buite na hulle toe uitgegaan en gevra: "Watter aanklag bring julle teen hierdie man in?"

30 Hulle het hom geantwoord: "As hy nie 'n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan u uitgelewer het nie."

31 Pilatus sê toe vir hulle: "Vat julle hom en veroordeel hom volgens julle wet."

Maar die Jode sê vir hom: "Ons mag nie iemand teregstel nie."

32 Dit het gebeur sodat die woorde van Jesus vervul kon word wat Hy gesê het toe Hy aangedui het op watter manier Hy sou sterwe.

33 Pilatus het toe weer in sy ampswoning ingegaan en Jesus geroep en vir Hom gevra: "Is jý die koning van die Jode?"

34 Jesus het hom toe gevra: "Vra u dit uit u eie, of het ander dit vir u van My gesê?"

35 "Ek is mos nie 'n Jood nie!" antwoord Pilatus. "Dit is jou volk en jou

**LEES**

*Week 6 • Dinsdag*

priesterhoofde wat jou aan my uitgelewer het. Wat het jy gedoen?"

36 "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie," antwoord Jesus. "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie."

37 "Dan is jy tog wel 'n koning?" vra Pilatus.

"Dit is soos u sê: Ek is 'n koning," antwoord Jesus. "Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê."

38 "Wat is waarheid?" sê Pilatus toe vir Hom.

En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle: "Ek vind geen skuld in hom nie. 39 Maar julle is gewoond dat ek vir julle gedurende die paasfees iemand loslaat. Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir julle loslaat?"

40 Hulle skreeu toe terug: "Nie vir hom nie, maar vir Barabbas!" En Barabbas was 'n rower.

1 Toe het Pilatus vir Jesus geneem en Hom laat gesel. 2 Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek 3 en herhaaldelik nader na Hom toe gekom en gesê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" En elke keer het hulle Hom geklap.

4 Pilatus het toe weer buitentoe gekom en vir die Jode gesê: "Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie."

5 Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met die doringkroon op en die pers mantel aan. Pilatus sê toe vir hulle: "Dit is die mens!"

6 Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: "Kruisig hom! Kruisig hom!"

"Vat júlle hom en kruisig hom," sê Pilatus daarop vir hulle, "want ék vind geen skuld in hom nie."

7 Die Jode sê toe vir hom: "Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het."

8 Toe Pilatus dit hoor, het hy nog banger geword. 9 Hy het weer in sy ampswoning ingegaan en vir Jesus gevra: "Waar kom jy vandaan?"

Jesus het hom egter nie geantwoord nie. 10 Pilatus sê toe vir Hom: "Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat en ook die mag om jou te kruisig nie?"

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

11 En Jesus antwoord hom: "U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van
Bo aan u gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u uitgelewer het, groter
skuld."

12 Hieroor het Pilatus geprobeer om Hom los te laat; maar die Jode het
geskreeu: "As u hom loslaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie. Elkeen wat
homself as koning voordoen, is in verset teen die keiser."

13 Toe Pilatus dit alles hoor, het hy vir Jesus buitentoe gebring en op die regbank
gaan sit op die plek wat Klipterras genoem word, in Hebreeus Gabbata. 14
Dit was die voorbereiding vir die paasfees, en dit was omtrent twaalfuur die
middag. Hy sê toe vir die Jode: "Hier is julle koning!"

15 Maar hulle skreeu: "Vat hom weg! Vat hom weg! Kruisig hom!"

Toe vra Pilatus vir hulle: "Moet ek julle koning kruisig?"

Die priesterhoofde antwoord: "Ons het nie 'n koning nie; ons het net die
keiser."

16 Toe het hy Hom op hulle versoek oorgelewer om gekruisig te word, en hulle
het Jesus weggeneem.

17 Jesus het self sy kruis gedra en uitgegaan na Kopbeenplek toe, soos dit
genoem is, in Hebreeus Golgota. 18 Daar het hulle Hom gekruisig en saam met
Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel.

19 Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit aan die kruis gesit. Daar het
geskrywe gestaan: "Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode." 20 Baie van die
Jode het hierdie opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die
stad was. Die opskrif was in Hebreeus, Latyn en Grieks. 21 Die priesterhoofde
van die Jode het toe vir Pilatus gesê: "Moenie skrywe: 'Die Koning van die
Jode' nie, maar skrywe: Hy het gesê: Ek is die Koning van die Jode."

22 Pilatus het vir hulle gesê: "Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe."

23 Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in
vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit
was sonder naat van bo af in een stuk geweef. 24 Hulle sê toe vir mekaar: "Ons
moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry."

Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê:

"Hulle het my klere
onder mekaar verdeel,
en vir my kleed het hulle geloot."

Dit is wat die soldate gedoen het.

**L E E S**

*Week 6 • Dinsdag*

25 By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en
Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan. 26 Toe Jesus sy
moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy
vir haar: "Daar is u seun."

27 Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder."

Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.

28 Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif
vervul kan word, gesê: "Ek is dors."

29 Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur
wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou. 30 Nadat Jesus die suur
wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!"

Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

31 Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die sabbatdag
aan die kruis moes bly nie, want daardie sabbatdag was 'n groot dag. Daarom
het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die
liggame weggevat moes word. 32 Toe het die soldate gekom en die bene van die
eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig
is. 33 Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle
nie sy bene gebreek nie. 34 Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy
gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom.

35 Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy
weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo. 36 Dit het gebeur
sodat die Skrif vervul kan word: "Geen been van Hom sal gebreek word nie."
37 En verder sê die Skrif op 'n ander plek: "Hulle sal Hom sien vir wie hulle
deurboor het."

38 Hierna het Josef van Arimatea, wat 'n dissipel van Jesus was maar in die
geheim, omdat hy vir die Jode bang was, vir Pilatus gevra of hy die liggaam van
Jesus mag neem. Pilatus het sy toestemming gegee. Josef het toe gegaan en sy
liggaam weggeneem. 39 Nikodemus, wat 'n keer in die nag na Jesus toe gekom
het, het ook gekom en 'n mengsel van omtrent vyftig liter mirre en aalwyn
gebring. 40 Hulle het die liggaam van Jesus geneem en dit met die geurolie
behandel en in doeke toegedraai, soos dit die gebruik van die Jode was om
iemand vir die begrafnis uit te lê.

41 By die plek waar Jesus gekruisig is, was daar 'n tuin en in die tuin 'n
nuwe graf waarin daar nog niemand begrawe was nie. 42 Daar het hulle Jesus
begrawe, omdat die sabbatdag vir die Jode al amper aangebreek het en die graf
daar naby was.

## SOAP

WEEK 6 • DINSDAG

**SOAP** / *Johannes 18:36*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 6 • DINSDAG

## SOAP

*Johannes 18:36*

*"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie," antwoord Jesus. "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie."*

## OORDENKING

Soos ons duidelik deur hierdie studie gesien het, die Evangelie van Johannes bied 'n ander perspektief op die lewe en bediening van Jesus as die ander drie Evangelies. Johannes het gekies om spesifieke gebeure te vertel om aan sy lesers te bewys dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe**. Die kruisigingsverhaal is nie anders nie. Johannes bied spesifieke oomblikke, gesprekke en aksies aan om Jesus as Koning voor te stel, ten volle in beheer van wat met Hom gebeur het en gewillig om Homself as 'n offer vir die wêreld te bring. Soos dit met die res van hierdie Evangelie is, bied Johannes 'n getuienis van die Koning sodat ons in Hom kan glo en die ewige lewe kan hê.

Toe Jesus en sy dissipels die tuin buite die stad bereik het, is hulle deur 'n groep soldate, gelei deur Judas, die een wat Hom verraai het, in 'n lokval gelei. Toe Jesus Homself openbaar het, het die soldate op die grond geval. Jesus het saam met hulle vertrek en gewillig aanvaar wat die Vader Hom gegee het om te doen. Toe Jesus voor Annas was, het Hy kalm gebly terwyl die priesters en offisiere Hom geslaan het.

Jesus het sy koningskap aan Pilatus aangekondig tydens sy ondervraging. Jesus het geweet sy doel was nie om die regering omver te werp nie, maar om die wêreld van sonde te red. Hy het geopenbaar dat sy koninkryk nie van die wêreld was nie, en het Homself daardeur aan die owerhede voor Hom onderwerp terwyl hy niks van sy mag en gesag prysgegee het nie.

Ten slotte, tydens sy kruisiging, het Jesus steeds in beheer gebly. Johannes teken aan dat Jesus alles geweet het wat met Hom gebeur het. Sy laaste woorde aan die kruis wys wie Hy is. Jesus se lewe is nie van Hom weggeneem nie. Hy is nie tot onderwerping gedwing nie, gedwing om te sterf nie. Jesus het toegelaat dat Hy gearresteer, verhoor, geslaan en gekruisig word om sy doel te vervul: om te sterf sodat ons die ewige lewe saam met Hom kan hê. Jesus het sy werk voltooi. Hy het die Skrif vervul en Homself aan die wêreld gewys. Hierna het Hy sy gees opgegee. Hy is nie teen sy wil doodgemaak nie, maar het Homself gewillig oorgegee, gewillig in ons plek gesterf sodat ons kan lewe.

Hy is die ware Koning. Hy is die Een wat lewe gee deur sy dood. Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, en wat 'n wonderlike waarheid is dit tog! Sy koninkryk is ewig, en Hy sit vir ewig op die troon!

**LEES**

*Week 6 • Woensdag*

*Johannes 20:1-18*

Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die
graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is. 2 Sy hardloop toe en gaan
na Simon Petrus en na die ander dissipel toe vir wie Jesus baie lief was, en sê
vir hulle: "Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle
Hom nou begrawe het nie."

3 Petrus en die ander dissipel het toe uitgekom en na die graf toe gegaan. 4 Die
twee het saam begin hardloop, maar die ander dissipel het vinniger as Petrus
gehardloop en eerste by die graf gekom. 5 Toe hy vooroor buk, sien hy die
doeke lê, maar hy het nie ingegaan nie. 6 Ná hom het Simon Petrus ook daar
aangekom, en hy het in die graf ingegaan. Hy sien toe die doeke daar lê, 7 ook
die doek wat om Jesus se kop was. Dié doek het nie by die ander doeke gelê
nie, maar was eenkant afsonderlik opgerol. 8 Daarna het die ander dissipel, wat
eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en geglo.

9 Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie.

10 Daarna het die dissipels weer huis toe gegaan.

11 Maar Maria het buite by die graf bly staan en huil. Terwyl sy huil, het sy
vooroor gebuk om in die graf in te kyk. 12 Toe sien sy twee engele met wit
klere aan daar sit waar die liggaam van Jesus gelê het, een waar die kop en een
waar die voete was.

13 Hulle vra toe vir haar: "Mevrou, waarom huil jy?"

Sy antwoord hulle: "Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie."

14 Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy
het nie geweet dat dit Hy is nie. 15 Jesus vra haar toe: "Mevrou, waarom huil
jy? Vir wie soek jy?"

Sy het gedink dit is die tuinopsigter, en sy het vir hom gesê: "Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal."

16 Jesus het vir haar gesê: "Maria!"

Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: "Rabboeni!" Dit beteken leermeester.

17 Jesus sê toe vir haar: "Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.' "

18 Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: "Ek het die Here gesien!" En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.

## SOAP

WEEK 6 • WOENSDAG

**SOAP /** *Johannes 20:17*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

WEEK 6 • WOENSDAG

## SOAP

*Johannes 20:17*

*Jesus sê toe vir haar: "Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.' "*

## OORDENKING

Jesus se dood het skielik gekom vir die dissipels. Binne 'n dag het die dissipels 'n maaltyd hou saam met Jesus om net daarna sy dood aan die hand van die Romeine te aanskou. 'n Paar dae later het Maria Magdalena na die graf gegaan, maar die klip is weggerol en Jesus se liggaam was weg. Sy het nie die wonderwerk wat plaasgevind het, herken nie — dat die Een wat mag oor die dood het, die dood oorwin het. Toe Petrus en die ander dissipel (bekend as Johannes) by die graf kom, was hulle ook verstom. Johannes het gesien dat Jesus se liggaam weg was en hy het geglo. Die dood kon nie verander dat **Jesus die Seun van God is en die enigste weg na die ewige lewe** nie.

Maria het by die graf gebly. Toe Jesus aan haar verskyn het, het sy Hom nie dadelik herken nie. Maria het Jesus herken toe Hy haar naam uitgespreek het — Hy is die Goeie Herder, wat Sy eie skape by die naam noem (Johannes 10:3). Toe sy sy stem hoor, het sy haar Here herken.

Jesus se volgende opdrag kan vir ons vreemd lyk: Hy het Maria beveel om Hom nie aan te raak nie, want Hy het nog nie na die Vader opgevaar nie. Sy moes eerder vir die broers gaan vertel dat Jesus na die Vader toe opvaar. Die opstanding het alles verander. Niks sou dieselfde wees nie. Jesus se instruksies aan Maria het vir haar gewys dat Hy nie dieselfde was nie, hulle verhouding was nie dieselfde nie, en die manier waarop sy en die ander gelowiges hulle met die Vader vereenselwig, was ook nie dieselfde nie.

Jesus was nie dieselfde nie; sy liggaam is nuut, opgewek en heel gemaak. Hy sou na die Vader terugkeer om verheerlik te word. Jesus se instruksies aan Maria het vir haar gewys dat hulle verhouding anders was. Dit was nie dat Maria verbied is om fisies aan Jesus te raak nie (in die volgende tonele raak baie van die dissipels aan Jesus), maar haar verhouding met Hom was nie meer gebaseer op sy fisiese nabyheid nie. In plaas daarvan was dit gebaseer op sy reddingswerk en haar geloof in Hom.

Voor hierdie oomblik in die Evangelie van Johannes, het Jesus na God verwys as sy Vader. Hier noem Hy God "my Vader en jou Vader." Johannes dui op 'n verandering in die manier waarop die dissipels in verhouding staan met God voor die opstanding. Hulle was nou kinders van God, mede-erfgename van Jesus. As gevolg van Jesus het hulle toegang tot die Vader gehad, toegang tot 'n verhouding met Hom en toegang tot die ewige lewe. Die opstanding het alles verander. Omdat Jesus leef, het ons 'n veilige plek in die ewigheid by God wanneer ons in Hom glo. Ons ewigheid saam met Hom is seker en veilig.

**LEES**
*Week 6 • Donderdag*

*Johannes 20:19-31*

Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!"

20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.

21 "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! 23 As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."

24 Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie. 25 Die ander dissipels sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!"

Maar hy sê vir hulle: "As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

26 Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by hulle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: "Vrede vir julle!"

27 Daarna sê Hy vir Tomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig."

28 En Tomas sê vir Hom: "My Here en my God!"

29 Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo."

30 Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. 31 Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.

## SOAP

WEEK 6 • DONDERDAG

**SOAP** / *Johannes 20:31*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

*Johannes 20:31*

*Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.*

## OORDENKING

Soos ons aan die einde van die Evangelie van Johannes kom, vind ons dat die skrywer vir ons ‘n duidelike verduideliking gegee het van sy redes vir die skryf van hierdie boek. Hy het spesifieke gebeure in die lewe en bediening van Jesus gekies, en dit in ‘n teologiese argument georganiseer sodat enigeen wat sy woorde lees, sou glo dat Jesus die Seun van God is en lewe in Sy Naam sal hê.

Dwarsdeur hierdie Evangelie vind ons baie getuienisse oor wie Jesus is. Sommige het gekom van diegene wat in Hom geglo het, insluitend Johannes die Doper, Jesus se eie dissipels en ‘n Samaritaanse vrou. Diegene wat die wondertekens wat Jesus gedoen het, aanskou het, het getuies aan die wêreld geword oor wie Hy is. Jesus het selfs oor Homself getuig en gesê Hy is die Brood van die Lewe, die Lig van die Wêreld, die Deur, die Goeie Herder, die Opstanding en die Lewe, die Weg en die Waarheid en die Lewe, en die ware Wingerdstok.

Al hierdie aansprake en getuienisse laat Johannes se gehoor toe om te weet wie Jesus is en, in reaksie, in Hom te glo en die ewige lewe te hê. Die dissipels wat getuies van hierdie gebeure was, het geglo — want hulle het alles gesien wat Jesus gedoen het. Die dissipels was betroubare getuies omdat Jesus Homself aan hulle geopenbaar het op maniere wat Hy Homself nie aan die wêreld geopenbaar het nie. Hulle het Hom na sy opstanding gesien en getuig dat Hy waarlik opgestaan het.

Johannes se Evangelie is vir twee gehore geskryf. Eerstens, diegene wat nie glo dat **Jesus die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe is** nie, kan Johannes se Evangelie lees en die waarheid vind. Hulle kan betroubare getuienisse van Johannes en die ander dissipels hoor oor hoekom Jesus is wie Hy sê Hy is. Tweedens het Johannes sy Evangelie aan gelowiges in Christus geskryf sodat hulle in hulle geloof versterk sou word. Die opgetekende private bediening van Jesus is ‘n bewys van sy liefde en sorg vir diegene wat in Hom glo.

Die Evangelie volgens Johannes is ‘n meesterstuk, geskryf deur iemand wat geen formele literêre opleiding gehad het nie. Ons sien die inspirasie van die Heilige Gees deur elke woord. Met die hulp van die Heilige Gees het Johannes hierdie kunswerk saamgestel om ‘n getuie te wees vir die wêreld van Jesus Christus, die Seun van God, sodat almal wat dit lees, lewe in sy Naam kan vind.

**LEES**

*Week 6 • Vrydag*

*Johannes 21*

Daarna het Jesus weer aan sy dissipels verskyn, by die See van Tiberias. Dit het só gebeur:

2 Simon Petrus en Tomas, wat ook Didimus genoem is, Natanael van Kana in Galilea, die seuns van Sebedeus en nog twee ander dissipels was daar saam. 3 Simon Petrus sê toe vir hulle: "Ek gaan visvang."

"Ons gaan ook saam met jou," sê hulle vir hom.

Hulle het gegaan en in die skuit geklim, maar daardie nag het hulle niks gevang nie.

4 Toe dit al lig was, het Jesus daar op die strand gestaan, maar die dissipels het nie geweet dat dit Hy is nie. 5 Jesus vra toe vir hulle: "Mense, het julle nie iets gevang om te eet nie?"

"Nee," antwoord hulle Hom.

6 Hy sê toe vir hulle: "Gooi die net aan die regterkant van die skuit uit, dan sal julle iets kry."

Hulle het die net toe daar uitgegooi, en vanweë die groot klomp vis kon hulle hom nie weer intrek nie.

7 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, sê toe vir Petrus: "Dit is die Here!"

Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy hemp aangetrek – want sy bolyf was kaal – en in die water gespring. 8 Hulle was nie ver van die land af nie, net omtrent honderd tree. Die ander dissipels het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep. 9 Toe hulle aan land kom, sien hulle 'n vuur brand en 'n stuk vis daarop lê. Daar was brood ook. 10 Jesus sê toe vir hulle: "Bring van die vis wat julle nou net gevang het."

11 Simon Petrus het toe in die skuit geklim en die net op die land getrek. Dit was vol groot visse, honderd drie en vyftig, en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.

12 Toe sê Jesus vir hulle: "Kom eet."

Nie een van die dissipels het sover gekom om vir Hom te vra: "Wie is U?" nie. Hulle het geweet dat dit die Here is. 13 Jesus kom toe, neem die brood en gee dit vir hulle, en net so ook die vis.

14 Dit was al die derde keer dat Jesus aan sy dissipels verskyn het nadat Hy uit die dood opgewek is.

**LEES**

*Week 6 • Vrydag*

15 Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir Simon Petrus: "Simon seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle hier?"

"Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet dat ek U liefhet."

Hy sê toe vir hom: "Laat my lammers wei."

16 Jesus vra hom weer 'n tweede keer: "Simon seun van Johannes, het jy My baie lief?"

"Ja, Here," antwoord hy Hom, "U weet dat ek U liefhet."

Hy sê toe vir hom: "Pas my skape op."

17 Jesus vra hom die derde keer: "Simon seun van Johannes, het jy My lief?"

Petrus het bedroef geword omdat Jesus hom die derde keer gevra het: "Het jy My lief?", en hy antwoord Hom: "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet."

Hy sê toe vir hom: "Laat my skape wei.
18 Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie."

19 Dit het Jesus gesê en daarmee aangedui deur watter soort dood Petrus God sou verheerlik.

Daarna sê Hy vir hom: "Volg My!"

20 Toe Petrus omdraai, sien hy die dissipel volg vir wie Jesus baie lief was, wat ook by die maaltyd na Jesus se kant toe oorgeleun en gevra het: "Here, wie is u verraaier?"
21 Toe Petrus hom dan sien, vra Petrus vir Jesus: "Here, en wat van hom?"

22 Jesus antwoord hom: "As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie. Volg jy My!"

23 Die gerug het toe onder die broers versprei dat daardie dissipel nie sal sterwe nie. Jesus het egter nie vir Petrus gesê dat daardie dissipel nie sal sterwe nie, maar: "As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie."

24 Dit is die dissipel wat oor al hierdie dinge getuienis aflê en dit beskrywe het, en ons weet dat sy getuienis waar is.

25 Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een beskrywe moet word, dink ek, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie.

**SKRYF**

*jou gedagtes neer*

## SOAP

WEEK 6 • VRYDAG

**SOAP /** *Johannes 21:24–25*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

WEEK 6 • VRYDAG

### SOAP

*Johannes 21:24–25*

*Dit is die dissipel wat oor al hierdie dinge getuienis aflê en dit beskrywe het, en ons weet dat sy getuienis waar is. Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een beskrywe moet word, dink ek, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie.*

### OORDENKING

Dit mag dalk vreemd voorkom dat die laaste woorde van die Johannes-evangelie oor die skrywer eerder as Jesus gaan. Johannes se laaste woorde verskaf egter 'n verduideliking aan die leser oor hoekom hy vertrou kan word wanneer hy sê **Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe**. Dwarsdeur die Evangelie is daar baie kontraste tussen Johannes, die skrywer van hierdie Evangelie, en Petrus. Alhoewel dit vir ons as neerhalend mag voorkom om na homself te verwys as "die dissipel wat Jesus liefgehad het", was Johannes se bedoeling nie om homself te verhef ter wille van trots nie, maar eerder om sy betroubaarheid as 'n getuie van die opgestane Christus te bewys.

Tydens Jesus se laaste maaltyd saam met sy dissipels het Johannes langs Jesus gesit en teen sy bors geleun, terwyl Petrus oorkant die tafel gesit het (13:23–25). Na Jesus se arrestasie het Petrus in die binnehof gebly terwyl Johannes saam met Jesus in die huis ingegaan het (18:15–16). Petrus het Jesus daardie nag verloën terwyl Johannes by Hom gebly het tot op die oomblik van sy dood (18:27; 19:27). Toe Maria vir hulle die nuus vertel, het Petrus en Johannes gehardloop na die plek waar Hy begrawe is. Johannes het vinniger as Petrus gehardloop en geglo terwyl Petrus nie verstaan het wat gebeur het nie (20:2–9). En tydens hulle laaste visvanguitstappie was Johannes die eerste wat Jesus op die strand herken het (21:7).

Die kontras tussen die twee dissipels is nie bedoel om vir Petrus te verkleineer nie, want Hy word deur Jesus vrygespreek, nie veroordeel nie. Petrus was die een wat Jesus beveel het om sy skape te voed en op te pas. Ten tye daarvan dat hierdie waarskynlik geskryf is, was Petrus die leier van die kerk in Jerusalem. As die getuienis van Petrus betroubaar was, was die getuienis van hierdie dissipel, Johannes, ewe so.

Ons kan glo dat die woorde van Johannes se Evangelie waar is. Hy is 'n betroubare getuie van die lewe en werk van Jesus. Terwyl ons ons studie afsluit, besin oor die betroubaarheid van Johannes se getuienis. Glo jy hierdie gebeure is waar? Glo jy Jesus is die Seun van God en die enigste weg na die ewige lewe? Het jy jou geloof in Hom geplaas? Indien nie, spandeer tyd om te ondersoek hoekom jy dalk nie glo nie. As jy wel hierdie woorde glo, deel dit met ander. Want Johannes se getuienis was nie bedoel om net vir diegene te wees wat glo nie, maar sodat die wêreld ook sou weet dat Jesus die Seun van God is en dat ons lewe in sy Naam kan hê!

## OORDENKING

WEEK 6

1. *Wat is die ewige lewe volgens Johannes 17:3? Het jy die ewige lewe? Hoe weet jy dit?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

2. *Waarom het Jesus die owerhede toegelaat om Hom te bevraagteken, te misbruik en te kruisig? As sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie, waar is sy koninkryk dan?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

3. *Wat het Jesus Maria beveel om te doen nadat Hy Homself aan haar geopenbaar het? Hoe word Jesus se medelye met Maria in hierdie toneel getoon?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

4. *Wat was Johannes se doel met die skryf van hierdie Evangelie? Voel jy dat hy hierdie doel bereik het? Waarom of waarom nie?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

5. *Wat is die hoofboodskap van die Evangelie van Johannes? Glo jy Johannes se getuienis oor Jesus? Waarom of waarom nie?*

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................



ingsplan

**OORBRUGGINGSPLAN**

*SOAP tussen studies*
*2 weke leesplan*

Het jy 'n standvastige daaglikse Bybelstudie roetine ontwikkel en jy wil dit nie onderbreek voordat ons nuwe studie begin nie? Op die volgende bladsye kan jy voortgaan met jou stiltetyd met ons aangewese Skrifgedeeltes en SOAP verse.





## LEESPLAN

### WEEK 1

- ○ *Maandag*
  Lees: Spreuke 5:1–14
  SOAP: Spreuke 5:1–2
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Spreuke 5:15–23
  SOAP: Spreuke 5:21
- ○ *Woensdag*
  Lees: Spreuke 6:1–15
  SOAP: Spreuke 6:1–3
- ○ *Donderdag*
  Lees: Spreuke 6:16–35
  SOAP: Spreuke 6:16–19
- ○ *Vrydag*
  Lees: Spreuke 7:1–5
  SOAP: Spreuke 7:1–2

### WEEK 2

- ○ *Maandag*
  Lees: Spreuke 7:6–27
  SOAP: Spreuke 7:25–26
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Spreuke 8:1–11
  SOAP: Spreuke 8:10–11
- ○ *Woensdag*
  Lees: Spreuke 8:12–31
  SOAP: Spreuke 8:12–13
- ○ *Donderdag*
  Lees: Spreuke 8:32–36
  SOAP: Spreuke 8:35
- ○ *Vrydag*
  Lees: Spreuke 9
  SOAP: Spreuke 9:10



*'n Mens se*
*lewe lê oop*
*voor die Here,*
*elke tree wat*
*jy gee, sien Hy.*

*Spreuke 5:21*

## SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

**SOAP /** *Spreuke 5:1–2*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# SOAP

WEEK 1 • DINSDAG

**SOAP /** *Spreuke 5:21*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 1 • WOENSDAG

**SOAP /** *Spreuke 6:1–3*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 1 • DONDERDAG

**SOAP /** *Spreuke 6:16–19*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 1 • VRYDAG

**SOAP /** *Spreuke 7:1–2*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DANKBAAR**

WEEK 1 • VRYDAG

*Skryf drie dinge neer waarvoor jy vandag dankbaar is en hoekom elkeen vir jou vreugde bring.*

EEN

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

TWEE

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

DRIE

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

.......................................................................................................................

## OORDENKING

*Skryf 'n toepassing neer wat jy hierdie week uit jou SOAP studie geleer het en hoe jy dit hierdie week prakties in jou lewe gaan toepas.*



*Wysheid begin
met die dien van
die Here; wie
die Heilige ken,
het werklik insig*

*Spreuke 9:10*

**SOAP**

WEEK 2 • MAANDAG

**SOAP /** *Spreuke 7:25–26*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 2 • DINSDAG

**SOAP** / *Spreuke 8:10–11*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 2 • WOENSDAG

**SOAP** / *Spreuke 8:12–13*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 2 • DONDERDAG

**SOAP /** *Spreuke 8:35*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## SOAP

WEEK 2 • VRYDAG

**SOAP /** *Spreuke 9:10*

**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DANKBAAR

WEEK 2 • VRYDAG

*Skryf drie dinge neer waarvoor jy vandag dankbaar is en hoekom elkeen vir jou vreugde bring.*

### EEN

### TWEE

### DRIE

## OORDENKING

*Skryf 'n toepassing neer wat jy hierdie week uit jou SOAP studie geleer het en hoe jy dit hierdie week prakties in jou lewe gaan toepas.*



# Sluit By Ons Aan



**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

## *Wat ons bied*

Meer as 30 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

## *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

## *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou,
Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd